

# **Die Antichris**

**'n Uiteensetting uit 'n Bybelse Oogpunt**

**deur Sendeling Ewald Frank**

Hierdie boekie is direk vertaal uit die Duitse taal en word vrylik voorsien aan enigeen wie graag meer wil weet oor wat God gedoen het en nog steeds doen in ons tyd.

Ander beskikbare boekies sluit in:

**GOD EN SY PLAN MET DIE MENSDOM**

**DIE CHRISTENDOM, GISTER EN VANDAG**

**DIE DOOP, NAGMAAL EN VOETEWAS**

**DAAR IS GESKRYWE**

**'N PROFEET BESOEK SUID AFRIKA**

**'N MAN VAN GOD GESTUUR**

**DIE WEDERKOMS VAN CHRISTUS**

**DIE BYBEL – DIE MEES-GELESE BOEK OP AARDE**

Dit is alles gratis bekombaar, en vele meer onderwerpe in Engels, by die ondervermelde plaaslike kontakpunte. Van dit kan ook verkry word in Duits, Frans, Italiaans, Spaans, Russies en Roemeens, direk by:

Sendeling Ewald Frank  
Posbus 100707  
D-47707 Krefeld  
Duitsland

Webwerf: <http://www.freie-volksmission.de>  
E-pos: [volksmission@gmx.de](mailto:volksmission@gmx.de)

Ons Plaaslike Kontakpunt:

PRETORIA MISSION CENTRE  
(Republiek van Suid Afrika)  
+27-12-756-4504 (Kantoor)  
+27-73-631-7762 (Selfoon)  
E-pos: [info@pretoriamission.co.za](mailto:info@pretoriamission.co.za)

Eerste Uitgawe: Julie 1986 (Duits)  
Alle regte word voorbehou

## Voorwoord

Ek is deeglik bewus van die omvang van hierdie daarlegging en ek weet ook dat dit gevolge sal hê. Maar, gegewe die dringendheid van die saak, is ek nie 'n keuse gelaat om te skryf oor hierdie dinge wat gesê moet word nie, selfs al is dit net opsommend. Wie dan aangeraak voel, kan begin om die Skrifte te ondersoek. Soos altyd, sal net 'n paar dit aanvaar en die meeste dit verwerp. Daar sál mense wees wat uit die hart uit bly sal wees dat iemand die moed gehad het om die byl teen die wortel van die bose boom te plaas. Die ander sal kwaad wees.

Dit is doelbewus dat ek van Dr. Martin Luther se uitdrukkings vermy wat hy gebruik het in sy geskrifte waarin hy handel oor die kwessie van die antichris. Wat hy destyds geskryf het oor hierdie tema dek 'n wye veld en kan gelees word in ou geskrifte, soos in die omvangryke voorwoord van die profeet Daniël in die ou 'Luther Bybel'. Hierdie geskrifte wys ons hoe hierdie man van God diep verbonde was aan die Woord wat hy vertaal het. In hierdie verband is daar dalk geen ander man wat vergelykbaar is in die geskiedenis van die Kerk nie. Op grond van sy persoonlike ervaring van redding, was hy seker regverdigmaking geskied deur die geloof in Christus. Verder het hy 'n innerlike en diepe verhouding gehad met God en Sy Woord.

Deur die uitbreek van die Reformasie het God gewis 'n geweldige ingryping in die koninkryk van die duisternis gemaak. Net so seker het Hy nou, by die voltooiing van Sy Gemeente, wat deur die Reformasie en die wedervaringe daarvan vooruitgegaan is, 'n nuwe geestelike beleving gebring. Wie ookal die geskiedenis van die Kerk bestudeer het, weet hoedat op verskillende tye, sekere bybelse waarhede weer op die kandelaar geplaas is. Maar al hierdie waarhede moet volledig opgeweeg word sodat die volle Evangelie verkondig kan word en die eeue-lange stikwerk kan lei tot perfeksie.

As 'n sendeling wat sedert 1964 gereis het na meer as 90 lande en gepreek het in konferensies in byna elke denominasie, het ek agting vir alle gelowiges en teenoor alle gelowe. Tydens my aanbiedinge het mense van alle rasse en opvattinge in die wêreld deelgeneem. In Suid-Afrika kon ek as 'n protestant in 'n Katolieke kerk vir meer as 'n duisend mense preek. Dit is omdat ek vir my medemens so diep omgee, dat ek die grootste misleidings kan onthul wat bestaan op godsdienstige vlak op die hele aarde. Elke mens het tog die reg om die waarheid te ken.

Ons leef nie meer in die dae toe net die burgemeester, die priester, en die onderwyser kon lees nie; ook nie meer in die tydperk van byna 'n duisend jaar waartydens die kerk gesorg het dat die Bybel nie in die hande van die gewone mense geplaas word nie. Maar in plaas daarvan leef ons nou in 'n tyd waar almal oor alles ingelig kan wees. Hoekom moet die mens ook in hierdie opsig nie 'n soektog na die waarheid nastreef nie? In hierdie kort aanbieding kan ons net by wyse van 'n oorsig verwys na die noodsaaklike.

Meeste van die krediet is te danke aan die bediening van Eerwaarde William Branham (1909 – 1965) van Jeffersonville in Indiana, V.S.A. Na my mening was hy die enigste gesant van God wie, in ons tyd, deur 'n goddelike openbaring, 'n diepsinnige begrip gehad het oor hierdie baie belangrike onderwerp.

Mag hierdie boekie 'n seëning wees vir elke leser en baie vanaf die breë weg, wat na die verderf lei, deur die nou poort bring na die smal pad wat lei tot die ewige lewe. Mag almal wat die Waarheid erken vrygemaak word van alle misleidings, dat die Woord terselfdertyd hul harte kan binnedring. Met betrekking tot ons redding kan ons geen mens vertrou nie, maar net God alleen.

Krefeld, Duitsland. Julie 1986

Deur die Skrywer

## Inleiding

In hierdie skrywe bepaal ons onself hoofsaaklik op die boek van Daniël en die boek Openbaring. Tot redelik onlangs nog, kon selfs die internasionaal-bekende bybel-leraars nie regtig die inhoud van hierdie twee profetiese boeke onder die knie kry nie. Hulle was voortdurend voor nuwe raaisels, want hulle was nie in 'n posisie om die simboliese taal-gebruik te ontsyfer nie. Wat onder direkte inspirasie van bo geskryf is kan ook net deur 'n spesiale openbaring vanuit die hoogte onthul en bekend gemaak word. In hierdie opsig kan geen mensegees hierdie dinge peil nie of menslike filosofie daarvoor navors nie; dit is slegs die Gees van God wat hierdie dinge kan verlig en dit onthul wat verborge is (1Kor. 2: 10-13). Toe die tyd vir profetiese daarlegging nog nie aangebreek het nie, het mense eenvoudig net geskryf volgens hul eie kennis en na die beste van hul vermoë.

Bybel-profesieë kan nie geïnterpreteer word nie. Inteendeel, die vervulling daarvan moet eerder net erken en waargeneem word. Eskatologiese gebeure, dws, die gebeure van die eindtyd, is vooraf geprogrammeer deur goddelike vootuitbestemming. God het beide die menselike geskiedenis en die plan van verlossing vooraf laat neerskryf. Wat bybel-kenners tot dusver gesê het is, soos ons sal sien, teenstrydig met die duidelike direkte antwoorde uit die Woord van God. As iemand meen dat hy iets weet, moet hy in gedagte hou dat alles ooreen moet stem met die hele getuienis van die Skrif en net soos dit vasgelê is. Wat oor 'n tema gesê word is net waar wanneer die laaste vraag wat daarmee verband hou, ook duidelik en bevredigend beantwoord kan word uit die Woord van God.

As die HERE ons insig gegee het oor die profesieë van die Skrif, is dit nie omdat ons die Bybel deeglik gelees het nie, maar omdat die tyd nou aangebreek het dat die verborgenhede van God bekend gemaak moet word. Sonder enige twyfel leef ons nou in die laaste deel van die heilsgeskiedenis. Die besef van hierdie bevinding is nie om paniek te saai of om die wêreldondergang aan te blaas nie, maar eerder sodat 'n ontwaking en 'n ontnugtering kan plaasvind. Dit gaan daarom: om aan te dui dat die profetiese woord, wat agter die evangelistiese en lerings-gedeeltes sit, nie moet agterbly nie.

Die profeet Daniël was beveel: "*En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot **die tyd van die einde** toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder*" (Hoofstuk 12:4).

Die verseëling van die belangrike inhoud van hierdie boek was nie om vir ewig te bly nie, maar net tot op die eindtyd. Beide die Ou en Nuwe Testament praat oor die "eindtyd", oftewel, die "laaste dae". In Daniël 8:17 en 19 sê dit: *"Let op, mensekind, want die gesig sien op die tyd van die einde ... Kyk, ek maak jou bekend wat aan die einde van die strafgerig sal gebeur, want dit sien op die bepaalde tyd van die einde"*.

Wat tot onlangs nog verborge en verseël was, en gevolglik nie verstaan was nie, is nou geopenbaar. Na hierdie aanbieding uit die boek van Daniël en die boek Openbaring sal alles gewis beter verstaan word.

Die profeet Daniël het visioene gesien waarin sekere verwickelinge en gebeure in simbool-vorm aangekondig was en nie vertolk was nie, maar die engel Gabriël was na hom gestuur om aan hom te verduidelik wat hy gesien het. Daniël getuig hieroor in hoofstuk 9, verse 22 en 23: *"En hy het my onderrig en met my gespreek en gesê: Daniël, nou het ek heengegaan om jou insig te gee. By die begin van jou smekinge het 'n woord uitgegaan, en ek het gekom om dit mee te deel, want jy is 'n geliefde man; gee dan ag op die woord en verstaan die gesig"*.

Net soos destyds, so moet ons vandag die duidelike en korrekte begrip het; ons moet ook soos Daniël, deur 'n diepe begeerte van die hart, in gebed klaarheid van God ontvang. Die sleutel daartoe is in die aankondiging van die engel: *"Gee dan ag op die woord en verstaan die gesig"* (Dan. 9:23). Wie nie ag slaan op die Woord nie, ten spyte van 'n vermeende openbaring, sal in 'n dwaling gaan. God is gebind tot Sy Woord; Hy bewerk alles volgens Sy Woord. In Daniël 10:21 lees ons: *"Nogtans sal ek jou te kenne gee wat geskrywe is in die boek van die waarheid"*. Ons nodig nie om meer te weet nie en ons wil ook nie meer weet nie. Ons wil graag net ervaar wat en soos geskryf is in die Boek van die Waarheid.

Volgens Openbaring 1:1 was Johannes ook besoek deur 'n Engel op die eiland Patmos: *"Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het"*. Nadat hy al hierdie gesigte en gebeure in figure gesien het, maak hy die volgende stelling in hoofstuk 22: 8-9: *"En dit is ek, Johannes, wat dit gesien en gehoor het; en toe ek dit gehoor en gesien het, het ek neergeval om te aanbid voor die voete van die engel wat my hierdie dinge getoon het. Toe sê hy vir my: Moenie! Want ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders, die profete, en van hulle wat die woorde van hierdie boek bewaar. Aanbid God"*.

Lof en aanbidding behoort aan God alleen, selfs al stuur Hy 'n hemelse of aardse engel of boodskapper, deur wie Hy praat en werk (Heb. 1:7). 'n Direkte profeties-apostoliese bediening hou altyd verband met 'n heilsgeskiedkundige opdrag. Een wat net 'n denkbeeldige bewustheid het van 'n kommissie, bind mense net aan homself en sy leringe, en hulle word sy volgelinge. Wie egter deur God gestuur is, spreek God se woorde en verbind die mense met God. So 'n man van God baan die weg en berei terselfdertyd die pad voor vir God se volk; daardeur word alle geestelike hindernisse uit die weg geruim (Jes. 62:10). So word mense eintlik dissipels en volgelinge van Jesus Christus.

Hierdie gedagte herinner ons aan die profesie van Maleági 3.1 in die Ou Testament: *"Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan ..."*. Dit was vervul deur Johannes die Doper wat die HERE vooruit gestuur het (Matt. 11.10).

In Openbaring 22:6 lees ons: *"Hierdie woorde is betroubaar en waaragtig; en die HERE, die God van die heilige profete, het Sy engel gestuur om Sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur"*. Ten slotte daarvan sê die HERE self: *"Ek, Jesus, het My engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig"* (vers 16).

Wanneer gebeurtenisse van heilsgeskiedkundige betekenis geskied, stuur God altyd 'n engel of 'n profeet. *"Want die Here HERE doen niks tensy Hy Sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie"* (Am. 3.7). So byvoorbeeld is die geboorte van Johannes die Doper aangekondig deur 'n engel (Luk. 1:13). In die velde van Bethlehem het die herders die hemelse leërskare hoor sing en by monde van 'n engel hoor hulle die aankondiging van die geboorte van die Verlosser: *"Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees, dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is"* (Luk. 2:10,11). Die opening van die seëls is ook aangekondig op 'n bonatuurlike wyse.

## **Christus en die Antichris**

Dit is so belangrik om duidelikheid te kry oor hierdie kwessie van die antichris dat ons onself sonder voorbedagte idees sal wend tot die Woord van God, om hierdie misterieuse figuur deur die Skrif uit te lig. Soos reeds genoem, het mense al lank hul eie menings daarvoor, met variasies wat heeltemal verskil. Ons is egter geregtig om 'n onfeilbare en onweerlegbare antwoord en dit kan net aan ons gegee word deur die onfeilbare Woord van God.

Al die getuienisse van die Skrif is op sigself en in verhouding met mekaar, bewys van die waaragtigheid van God. Die skepping getuig van sy Skepper. Wie die Skepper wil ontken moet ook die bestaan van die heerlikheid van die heelal ontken. Diegene wat gered is, is lewende bewyse dat daar 'n Verlosser is. Goddelike dinge hoef nie bevestig of bewys te word deur die mense nie – dit is die bewese realiteit self. Dit geld vir elke tema en op alle gebiede van die Skrif.

Die komplekse onderwerp oor die antichris is een van die moeilikste onderwerpe op godsdienstige gebied. Eers is daar die geheimenisvolle godheid van Jesus Christus en in die tweede plek vind ons die geheimsinnige persoon van die antichris. Beide is vir die meeste mense 'n raaisel. In beide gevalle is die menings daarvoor wyd uiteenlopend. Daar is op die aarde geen preekstoel, geen leraar wat bindende uitsluitsel daarvoor kan gee nie. Die tradisionele teologie is in hierdie opsig heeltemal verkeerd; dit bevat bloot interpretasies wat die huidige argitektuur van die verskillende kerke weerspieël.

Soos reeds deur die profeet Daniël genoem, sal hierdie geheimenisvolle boek tot die tyd van die einde gesluit en verseël bly. In Openbaring 5:1 leer ons ook dat daar in die Nuwe Testament 'n verseëld boek is. Die vraag daarby lei: *"Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek?"* (Vers 2). Johannes, wie 'n voorsmaak gehad het van hierdie gebeure, het die antwoord ontvang: *"Kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek"* (v. 5).

In hierdie daarlegging kan ons nie die opening van die seëls en hul omvangryke betekenis, of selfs die inhoud daarvan behandel nie. Ons wil hier graag net die tema behandel soos aangebied, met die simbole wat daaraan verbonde is, soos ons dit dikwels teëkom in die Skrif. In die profetiese boeke en in die gelykenisse van die HERE het ons te doen met beelde waarin die ware betekenis verborge is. Dit praat van diere, koppe, horings, beeld van die dier, merk van die dier, die getal van die dier, en selfs van 'n hoer wat op die dier sit, ens. Met die hulp van die Heilige Skrif sal ons sorgvuldig navraag doen oor die betekenis van hierdie simbole.

Die antichristelike stelsel is veelsydig en loop parallel met die bykans twee-duisend-jarige Heilsgeskiedenis. Die Skrif wys hierop in verskeie weergawes. Paulus beskryf die persoon se handeling met 'n aantal titels. Met 'n profetiese siening was hy in staat om 'n akkurate beskrywing van hom te gee. Die apostel skryf vermanend: *"Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom*



*en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbedding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is... En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word. Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net todat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die HERE met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy aankoms tot niet sal maak, hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie" (2Thes. 2: 3-10).*

Die volgende teenstelling wys 'n paar kenmerke van die antichris duidelik uit:

Christus het gekom in die Naam van Sy Vader (Joh. 5:43a);  
die nabootser kom in sy eie naam (Joh. 5:43b).

Christus het Homself tot die dood verneder (Fil. 2:8);  
die seun van die verderf verhef homself bo alles (2Thess. 2:4).

Christus was verag en deur die mense verlaat (Jes. 53:3);  
die antichris laat homself gevier en aanbid word (Openb. 13:8).

Christus is die ware profeet (Deut. 18: 15-18; Hand. 3: 22-23);  
die antichris is die valse profeet (Openb. 16:13; 20:10).

Christus getuig van die waarheid (Joh. 18:37);  
die verleier werp die waarheid op die grond neer (Dan. 8:12).

Christus het gekom om die wil van God te doen (Hebr. 10: 7-10);  
die antichris voer sy eie wil deur (Dan. 11:36).

Christus het gekom om te soek en te red wat verlore was (Luk. 19:10);  
die antichris is gerig daarop om die heiliges te vernietig (Dan. 8:24).

Christus was onderhewig aan die wet van God (Matt. 5:17);  
die teenstander is die wettelose (2Thess. 2:8; Dan. 7:25a).

Christus word die Seun van God genoem (Luk. 1:35);  
die antichris word die mens van sonde genoem (2Thess. 2:3).

Christus is die verborgenheid van die godsaligheid (1Tim 3:16);  
die antichris is die verborgenheid van die ongeregtigheid (2Thess. 2:7).

Hierdie vergelykings kan nog verder voortgesit word, sou dit nodig wees, sodat ons hierdie persoon behoorlik voor oog kan hou. In hierdie daarlegging sal die kontraste, wat baie tot nou toe nog nie erken nie, selfs meer duidelik aan in die lig kom. In Daniël, in die briewe van die Apostels en in Openbaring kom ons verskillende benamings teë wat egter altyd na dieselfde persoon verwys; dieselfde stelsel word in sy veelvuldigheid beskrywe.

## **Die Oorsprong**

Dat die antichris 'n misterieuse persoon is, is onweerlegbaar. So seker as wat Christus, as die Waaragtige, slegs erken kan word deur openbaring van bo, net so seker kan 'n mens die antichris ook net uitken deur verligting van bo. Soos Christus die openbaring van God in menslike gestalte is, sal die antichris gemanifesteer word as Satan se verpersoonliking in 'n man. Satan is beslis nie 'n ateïs nie, hy glo in God en sidder (Jak. 2:19). Sy verteenwoordiger op aarde volg sy voetspore heeltemal. Uiterlik het ons te doen met 'n besondere vroom man wat selfs gedeeltes in die Bybel gebruik net soos die Satan dit gedoen het met die versoeking van Jesus.

Christus sowel as die antichris het 'n lang vorige geskiedenis. Albei het hul oorsprong in die hemel. As ons hulle voetspore terugvolg, kan ons maklik sien dat Christus van God af kom en dat die antichris van die Satan af kom. Christus verteenwoordig die koninkryk van God met Lig en Lewe. Die antichris verteenwoordig Satan se koninkryk van duisternis en die dood. Beide is tans op die aarde, beide is tegelyk bedek en openbaar.

Soos reeds bemerk is, vind ons oor beide presiese beskrywings in die Bybel. Sedert die begin van tyd, word sowel Christus en die antichris uitgebeeld in skadu-beelde en simbole. Beide verteenwoordig 'n koninkryk. Beide maak aanspraak op 'n troon – met die verskil dat die een God is en die ander word vereer asof hy God is. Lig en duisternis, dag en nag, die lewe en die dood, getuig van die begin af van twee fundamenteel-verskillende wesens en van twee terreine. Ons sien die twee stambome vanaf Kain en Abel, voortgesit in Jesus en Judas, en uiteindelik tot by Christus en die antichris.

Christus word vir ons beskrywe deur Sy verskillende aanwysings wat in verhouding staan met sy veelvuldige take: die Seun van God, die Seun van die mens, Seun van Dawid, die Lam van God, die Middelaar, die Voorspraak-maker, die Koning, die Priester, Profeet en so aan.

Soos reeds genoem is, word die antichris ook elke keer met verskeie titels genoem soos: die "valse profeet", "die onregverdige", "die wettelose", "die man van sonde", ens. Vir iemand wat vertrou is met die Skrif, sal dit nie moeilik wees om te vind dat al die eienskappe en kenmerke van God een honderd persent aangetref word in Christus en die van die Satan word alles in die antichris gevind.

## **Anti = Teen**

Die sleutel om die regte begrip te kry oor hierdie raaiselagtige persoon se spoor, lê in die woord *anti*. Soos almal weet, beteken anti "teen". Die antichris is die antagonis – die teenstander van Christus. Die misleiding van hierdie persoon bestaan egter in dit, dat hy hom op Christus beroep maar al sy leerstellinge en al sy praktyke is in teenstelling met Christus en Sy Woord. Hy praat van Christus, maar verbind sy volgelinge, diegene wie hy "gelowiges" noem, tot sy insettinge. Hulle glo in sy woorde, nie in die woorde van Christus nie.

Die besondere erkenningsmerk van die antichris bestaan hierin, dat hy die "leuenaar" is en identies met sy leringe is, wat uitsluitlik uit leuens bestaan – in teenstelling met Christus, wie die Waarheid is, en wie se leerstellinge uitsluitlik uit waarheid bestaan. Die antichris vervang elke lering van Christus met sy eie. 'n Leuen is die waarheid wat verkeerd weergegee word. Net soos die duiwel dit gedoen het in die Tuin van Eden, gebruik die antichris die Woord van God met bedrog en verraad en beroep hom op godsdienstige mense op die mees vrome wyse. Na deeglike ondersoek, kan ons absoluut niks van wat hy leer vind wat in ooreenstemming is met die oorspronklike Woord van God nie. Wie teen die Woord is en inteenstelling daarvan optree, is teen Christus, dws., is "antichris", want Christus is die Woord – *die Logos*.

Van die *antichris* hoor ons reeds in die vroeë christendom. Johannes noem hom 'n paar keer in sy briewe. Met 'n blik op ons huidige tyd, skryf hy oor hom: "*Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die antichris kom ...*". Dit moet hier in ag geneem word dat Johannes enersyds praat van die koms van die antichris in die enkelvoud en verwys in hierdie verband na die laaste dae, dws., na die tyd van die einde. Maar terselfdertyd het hy gepraat van baie antichriste het reeds verskyn het in sy tyd: "*... bestaan daar ook nou baie antichriste ...*" (1Joh. 2:18). Daar gaan dit nie oor mense wat Christus verwerp nie, maar oor diegene wat Hom teenstrydig met die Woord verkondig en hul eie interpretasies daarstel.

Die valse "christusse" van wie Jesus gepraat het en die valse broeders oor wie Paulus geskryf het, is die vals-gesalfdes wie reeds met die aanvang van die woord van die profete en apostels wegbeweeg het van die suiwer Woord van God om ander leringe te verteenwoordig. Die Bybel maak spesifiek melding van hierdie redevoerder genaamd Nico. Sy volgelingen was bekend as die "Nikolaïete". Hy omring homself met liggelowiges en verkondig dat die saligheid deur werke geskied, in plaas van deur geloof alleen. Die HERE spreek met lof van Sy volk in die brief aan die engel van die eerste van die sewe gemeentes: *"Maar dit het jy, dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat"* (Openb. 2:6). In die derde sendbrief het hierdie onbybelse rigting, waarmee die lekedom regeer was, onder die selfaangestelde geestelikes reeds posgevat. Gevolglik het hierdie vermaning in Openbaring 2 vers 15 uitgegaan: *"So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaïete"*. Dus, net soos die koring en onkruid in dieselfde landery groei, ondervind ons in die christendom ware en valse gelowiges.

Dit het begin toe daar, onder die invloed van die antichristelike geeste, leerstellinge verkondig en geglo was, wat losstaan van die Waarheid af. Later het die mense uit die antichris-stelsel dogmas gevorm, waarvan die bekroning daarvan uiteindelik in die antichris homself is. Paulus, wie 'n profetiese oog gehad het, het in 1Timothéüs 6 geskryf: *"As iemand iets anders leer en nie instem met die gesonde woorde van onse HERE Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie, dié is verwaand en verstaan niks nie"* (verse 3-4a).

Die apostel het geweet dat wat hy verkondig het uit Goddelike oorsprong was, omdat hy 'n direkte openbaring van Jesus Christus ontvang het (Gal. 1:12). Hy het homself en sy leringe nie verdedig nie, maar hy het die evangelie van Jesus Christus verdedig as die suiwer en heilige boodskap van verlossing van God. In 2Timothéüs 1:13 en 14 vra hy sy kollegas om vas te hou aan die gesonde leer: *"Hou as voorbeeld van gesonde woorde dié wat jy van my gehoor het, in die geloof en liefde wat in Christus Jesus is. Bewaar jou goeie pand deur die Heilige Gees wat in ons woon"*.

Deur die loop van die geskiedenis van die Gemeente het baie valse leraars en valse profete na vore gekom soos aangekondig in 2Petrus 2:1: *"Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook die HERE wat hulle gekoop het, verloën en 'n vinnige verderf oor hulleself bring"*. "Valse profete" word ook hier aangedui in die meervoud.

Geïnspireer deur die antichristelike gees het 'n kerk gegroei saam met die ware Gemeente. Self-aangestelde leraars, valse profete en -apostels, wat nie geroep is nie, verkondig nie die leringe van Christus nie, maar eerder hul eie kennis. Hulle het volgelinge gemaak van diegene wat onstandvastig was in die Woord van God. Ten einde word al die kenmerke en eienskappe van die antichris-stelsel verenig onder 'n enkele hoof. Derhalwe lees ons in die boek van Openbaring, waar dit van hom gepraat word as **die valse profeet**. Net soos die ware profete die Woord van God gehad het en kon sê "SO SPREEK DIE HERE" so beweer die valse profeet dat hy die stem van God op aarde is. Maar in werklikheid het sy leringe eintlik niks in gemeen met die ware Woord van God nie. Hy is 'n profeet van die valse leer, en daarom word na hom verwys as die valse profeet.

Wie dit verkondig wat in teenstelling is met die woorde van die ware profete is self 'n valse profeet. 'n Valse leraar is iemand wat anders leer as wat die God-aangestelde leraars geleer het in die vroeë Gemeente. Deur vergelyking is dit maklik vasstelbaar dat daar 'n ander Jesus gepreek word en 'n ander evangelie aangebied word as in die vroeë christendom (2 Kor. 11.4). Die valse word as die ware aangebied en die waaragtige word aangetoon as vals. Sonder dat mense bewus is, is daar deur die eeue heen talle verkeerde leerstellinge ingevoer wat niks in gemeen het met die onderrig en praktyke van die vroeë Christene nie.

Maar wie deursoek nog die Skrif om te toets of die leerstellinge wat aangebied word ooreenstem daarmee? Paulus sê: *"Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan"* (Hand. 20: 29,30). Ons sien die massas wat blootgestel word aan salwings-volle woorde by goed geordende seremonies en dink dit is Christus wat voorgestel word. Hulle sien van buite die vroomheid van 'n lam, maar onderskei nie die bose vervalsings nie, omdat hulle nie die Woord ken nie. Jesus het gesê: *"My skape luister na my stem ..."* (Joh. 10:27). Sy stem is en bly in ewigheid Sy Woord.

Soos ons reeds genoem het kan ons 'n valse profeet erken omdat hy nie die woord van die ware profete preek nie. 'n Valse apostel word erken omdat hy nie die bybelse leringe van die apostels verkondig nie. (Openb. 2:2). So erken ons ook die antichris omdat sy leringe oor Christus vals is en hy nie eintlik dit kan doen wat Christus beveel het nie. Hy bely Christus met die mond en tog is hy diep in bygelowigheid verstrik soos bv. om met die dooies te kommunikeer, wat spiritisme is.

Hoe baie ernstig is tog die volgende woorde: "*Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees*" (Gal. 1:8).

Wie die antichris sien as wêreld-diktator of politieke tiran, sal verbaas wees. Paulus het oor hom geskryf en gesê dat Satan deur hom in die finale fase "*... allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid ...*" sal vermag (2Thes. 2: 9,10). Hierdie man het geen tekens of bybelse wonderwerke om aan te bied nie, soos dit die geval met die bediening van Jesus en die apostels in die krag van God was nie. In plaas daarvan, het hy die kuns van goëlyery bemeester. Deur middel van godsdiensstige politiekery bereik hy wat niemand kon vermag nie. Dit is misleidende tekens wat teen die Waarheid is. Deur leuens en misleiding van die godsdiensstiges, verlei hy almal wat in sy valse evangelie glo; hy kan tegelyk praat met die staatshoofde en met die kerk-leiers. Hy het die wêreld se beste raadgewende span en is die mees-kundige man; almal gaan na hom vanuit alle kampe. Alle opponerende politieke kante beroep hulle op hom in sy rol as bemiddelaar. Dit is die hoogste geestelike gesag wat bestaan op aarde en, volgens hom, ook die hoogste juristieke instansie.

Die antichris se gebed kan nie verhoor word nie; nooit kan deur hom 'n verlamde loop, 'n blinde sien en 'n dowe hoor nie, soos dit die geval met Christus was nie. Dit ten spyte, sal die hele wêreld na hom opkyk en eer aan hom gee, "*... die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid*" (2Thes. 2: 10-12). Dink daaraan: die antichris is net 'n christen in naam, maar is eintlik teen Christus. Hy praat van God se Koninkryk, maar bou sy eie koninkryk waarin hy regeer.

## Sy Herkoms

Om die taktieke en wese van die antichris beter te verstaan, moet ons in die eerste plek eers die Satan behandel. Dit mag dalk vreemd voorkom, maar ons sal die parallele tussen hom en die antichris uitwys. In Esegïël 28: 12-15 staan geskrywe: "*Jy was die seërling van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid. Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei. Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat*

*beskut, en ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtheid in jou gevind is".*

Lucifer word hier aangespreek, wie God geskep het as 'n prins van die engele. As 'n skepsel van God was hy perfek, maar net soos ons, was hy met 'n vrye wil toegerus. Ongelukkig het hy dit gebruik om teen God op te staan en uit te styg. Dieselfde word gesê van sy verteenwoordiger, wat homself bo alles verhef. Omdat Satan nie alwetend is nie, kon hy nie vooruit sien na watter gevolge sy handeling sou lei nie. Dit is dieselfde met die antichris wat dieselfde rol nou inneem. Sy einde is vir hom verborge; hy weet baie dinge, maar nie alles nie.

Soos aan ons gesê was, het Satan homself in die Tuin van Eden bevind. Dit was daar dat hy ná sy val, in die vorm van die slang, die eerste mense verlei het om God se Woord te oortree en hulle daarmee gelei het tot ongehoorsaamheid. Deur die vraag te vra: "*Is dit so dat God gesê het ...?*", het hy twyfel gesaai ten opsigte van die Woord van God. Sy verteenwoordiger doen dieselfde nou op aarde. So het die mensdom van die begin af onder die invloed van die Bose een gekom, wie altyd die Woord van God bevraagteken. Die bevraagtekening bring ongeloof, gevolg deur ongehoorsaamheid en dan die uiteindelijke oortreding van die Woord. So het die sondeval gebeur, waarin ons almal gedompel was. Almal het misluk en is skuldig omdat ons almal presies dieselfde sou gedoen en gereageer het soos Adam en Eva.

Met sy val het Satan toe ook die verderf oor die ganse mensdom gebring. Maar die HERE het reeds direk na die val verklaar dat 'n Verlosser sal kom toe Hy gepraat het van die saad van die vrou wat die kop van die slang sal vermorsel (Gen. 3:15). Dit was op grond daarvan dat Jesus altyd vir Maria "vrou" genoem het en nie "ma" nie. *HY* was die saad van God deur wie die beloofde Woord 'n werklikheid geword het. Die goddelike Saad is aan die een kant die Woord van God (Luk. 8:11); andersyds is die goeie saad die seuns en dogters van die Koninkryk van God (Matt. 13:38). Hulle spruit uit die goddelike Saad, wat hulle 'n goddelike geslag maak (1Pet. 2:9 en Hand. 17:29).

Die profeet Jesaja beskryf die val van Satan as volg: "*Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldig van die nasies! En jý het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!"* (Jes. 14: 12-14.).

Tot vandag toe het hy nie sy voorneme verander nie. Vanaf die Tuin van Eden al probeer hy sy gesag oor die mens uitoefen om sy planne te verwesenlik. Ons lees hoe hy die koning van Tirus in besit geneem het, en daarin het ons 'n voorbeeld van Satan se aanspraak om sy diaboliese mag op die mensdom uit te oefen. God sê aan hom deur Sy profeet: *"Omdat jou hart hoogmoedig was en jy gesê het: Ek is 'n god, ek bewoon 'n godewoning in die hart van die seë – terwyl jy tog 'n mens is en geen god nie – en jou hart gemaak het soos die hart van 'n god ..."* (Esé. 28:2).

Dit is hoogs merkwaardig dat 'n mens kan indink om soos God te wees. Dit is egter nie die mens nie, maar Satan in hom, wie aangewys is in 2Korinthiërs 4:4 as die god en die owerste van hierdie wêreld. Satan het selfs geëis dat onse HERE neerval voor hom en hom aanbid. Daarmee bied hy hom die koninkryke van die wêreld aan (Matt. 4: 8-10). Sy verteenwoordiger op die aarde sal dieselfde kenmerke het as hy. Rykdom en eerbewyse ontbreek nie. Hy plaas homself in die plek van God en boots ook Christus na. Maar hy het al die eienskappe van Satan wat soos God wou wees en ontvang die skatte wat aangebied word.

Dit sê verder: *"Deur julle wysheid en deur jou verstand het jy vir jou rykdom verkry, ja, jy het **goud en silwer** in jou **skatkamers** verwerf; deur die grootheid van jou wysheid in jou koophandel het jy jou rykdom vermeerder, en jou hart het hoogmoedig geword deur jou rykdom"* (Esé. 28: 4-5). Dié sigbare aardse kenmerke is ook 'n teken van Satan, sy volgelingen en sy verteenwoordiger, wie hy oorheers. Tot vandag toe het niks hiervan verander nie. Wie is nog onbewus en onduidelik oor waar die skatkamers met al die skatte is? Wie het nog niks van die onskatbare rykdom in goud, silwer, kosbare gesteentes, ens. gehoor nie?

*"Weens die grootheid van jou koophandel, het hulle jou binneste met geweld gevul, en jy het gesondig; daarom het Ek jou as onheilige van die godeberg afgedrywe ..."* (Esé. 28:16). Van wanneer af dryf die Satan handel? In hierdie beskrywing, sien ons dat dit om die beurt gepraat word van die Satan en die prins van hierdie wêreld waarin hy verpersoonlik word. Satan is 'n geestelike wese; hy benodig 'n fisiese liggaam om sy mag te kan uitoefen.

Ons moet die algemene beskrywing van Satan en sy verskillende eienskappe in gedagte hou omdat ons dit ook elke keer sal teëkom wanneer dit kom by sy verteenwoordiger op aarde. Besonders belangrik is dat hy homself voordoen as 'n engel van die lig en so sal ook sy aardse verteenwoordiger hier in die laaste dae, in wie hy in die vlees sal verskyn. Vir die apostel Paulus was dit ooglopend, soos geskrywe is:



*"Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtig-heid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke" (2Kor. 11: 13-15).*

## **Onthulling van die Verborgenhede**

Soos ons reeds voorheen vermeld het, het die profeet Daniël vooraf die wesenlike gebeure van die eindtyd in simbool-vorm gesien. Hy het dus aan die koning getuig, *"Maar daar is 'n God in die hemel wat geheime openbaar, en Hy het koning Nebukadnésar bekend gemaak wat aan die **einde van die dae sal gebeur**" (Dan. 2:28).* So is die volk van God ook nou heeltamal ingelig oor al die huidige gebeure. Wat die HERE sê in Mattheus 23:34 is nog steeds geldig vandag: *"Daarom, kyk, Ek stuur profete en wyse manne en skrifgeleerdes"*. Terwyl politici op veronderstellings vertrou aangaande die toekomstige, herken die gelowiges die tekens van die tye, aan die hand van die Woord van God. Hulle begryp dat ons nou in 'n profetiese tyd lewe. Hulle kan wat die profete en apostels in gesigte gesien en onder die inspirasie van die Gees geskryf het, korrek plaas. God se Woord kom altyd na die profete, nie na die teoloë nie.

Tog erken elke ware profeet en apostel soos Daniël: *"En wat my betref, hierdie geheim is my geopenbaar, nie deur 'n wysheid wat in my sou wees meer as in al die lewendes nie ..."* (Dan. 2:30). In sy gebed loof Daniël die HERE en sê: *"Hy verleen wysheid aan wyse manne en kennis aan die wat insig het; Hy openbaar ondeurgrondelike en verborge dinge; Hy weet wat in die duisternis is, en die lig woon by Hom"* (vv. 21 en 22).

Eerstens sien die profeet Daniël ook die standbeeld wat Nebukadnésar vooraf in 'n droom gesien het en beskryf dit aan hom op hierdie manier: *"Daar was 'n groot beeld ... sy hoof was van goeie goud, sy bors en sy arms van silwer, sy buik en sy lendene van koper, sy bene van yster, sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei"* (Dan. 2: 31-33). Die standbeeld verteenwoordig natuurlik 'n persoon omdat dit praat van 'n hoof, bors, arms, buik, dye, bene en voete. Terselfdertyd versinnebeeld dit die vier agtereenvolgende wêreldryke.

In verse 37-45 gee hy die betekenis van hierdie vier groot wêreldryke wat histories as volg geleë is: die Babiloniese ryk, verteenwoordig deur die hoof van goud, was in beheer van die wêreld-mag gedurende die jare 606-538 v.C.; dan die koninkryk van die Mede en die Perse,

verteenwoordig deur die bors en arms van silwer, was aan bewind gedurende die jare 538-330 v.C.; die Griekse wêreldryk, wat begin het in die tyd van Alexander die Grote, het die maag en lendene van koper verteenwoordig. Dit het gestrek vanaf 330 tot en met 30 v.C.; sedert daardie tyd het die Romeinse Ryk die wêreld heerskappy oorgeneem en heers tot die einde.

In hoofstuk 7 sien dieselfde profeet hoe die vier winde van die hemel die groot see van mense in beroering bring, waaruit vier kragtige diere verskyn. Die eerste was soos 'n leeu, die tweede soos 'n beer en die derde soos 'n luiperd. Die vierde dier word nie van naby aangedui nie; dit word net op hierdie wyse beskryf: *"Daarna het ek in die naggestigte gesien, en kyk, daar was 'n vierde dier, vreeslik en skrikwekkend en baie sterk, en dit het groot ystertande gehad; dit het verslind en vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap; en dit was verskillend van al die diere wat voor hom gewees het, en dit het tien horings gehad"* (Dan. 7:7).

Hierdie vier diere, wat uit die volkere-massas van die wêreld voortkom, simboliseer die vier koninkryke, maar terselfdertyd ook elkeen hul onderskeidelike heersers. Ons sal ons nie bemoei met die eerste drie diere nie, maar eerder met die vierde dier wat vir ons van groot belang is (v. 19). Daniël gee die volgende inligting: *"Die vierde dier – die vierde koninkryk sal op die aarde wees, wat verskil van al die koninkryke en die hele aarde sal verslind en dit sal vertrap en dit verbrysel"* (vers 23). Die vierde dier is die Romeinse Ryk wat volgens bybel-profesie die hele aarde verslind en vertrap. Dit is "SO SPREEK DIE HERE" in Sy Woord.

Johannes het dieselfde dier gesien met die tien horings wat ook uit die volkere-massas voortkom. Dit het verder ook sewe koppe gehad en op die sewe koppe was daar godslasterlike name. Volgens Openbaring 13:10 was daar op sy horings tien koninklike krone. Dit stem ooreen met wat Daniël sê in hoofstuk 7, vers 24: *"En die tien horings – uit daardie koninkryk sal tien konings opstaan ..."*. Die eerste drie diere wat Daniël gesien het en wat die wêreld magte verteenwoordig, word ook in Openbaring 13 vers 2 gevind en is daar geïntegreer in die vierde dier: *"En die dier wat ek gesien het, was soos 'n luiperd, en sy pote was soos dié van 'n beer, en sy bek soos die bek van 'n leeu"*.

'n Bietjie verder aan sê dit dat Satan homself, sy troon en sy kragte geplaas het tot die beskikking van die laaste koninkryk op aarde: *"... en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag. En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees"* (Openb. 13: 2,3). Wie die draak is, wat aan hierdie wêreld-mag sy troon en krag gee, word duidelik aangedui in Openbaring

12 vers 9: *"En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan ..."*. Die antichris sal, onder die direkte invloed van Satan, uit die laaste wêreldryk kom, soos ons later sal sien.

## Verwaandheid

Die profeet Daniël het die hoogtepunt van die magsuitoefening deur die antichris ook vooraf gesien. In hoofstuk 7 word die dier met die tien horings, waaruit die antichris voortkom, aan hom gewys. Hy berig as volg: *"Terwyl ek op die horings ag gee, kom daar 'n ander horinkie tussen hulle op, en drie van die vorige horings is daarvoor ontwortel; en kyk, in hierdie horing was oë soos mens-oë, en 'n mond wat groot dinge spreek"* (vers 8). Uit die laaste koninkryk sal 'n persoonlikheid voortkom, 'n man, wie se woord deur alle godsdienstige en politieke leiers aanvaar sal word.

Dit is samehangend met wat in Openbaring 13 vers 5 geskryf staan: *"En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit twee-en-veertig maande lank te doen"*. Dit is presies die drie-en-'n-half jare van groot verdrukking wat nog oor die volk Israel sal uitbreek.

Daniël berig in Hoofstuk 9 vers 27 van 'n verbond wat hierdie heerser met die kinders van Israel sal maak. Dit beteken dat die erkenning van Israel sal plaasvind deur die opneem van diplomatieke betrekkinge. Net soos 'n week sewe dae het, bestaan 'n week van jare in die boek van Daniël uit sewe jare. Maar in die middel van die week van jare sê Daniël 9:27(b): *"... sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woens is, uitgestort word"*. Dit sal gebeur aan die einde, direk voor die begin van God se duisendjarige Vrederyk.

Hoe vêr hierdie horing sal uitstyg en wie agter hierdie mag verberg is, word duidelik aangedui in Daniël hoofstuk 8: *"En dit het groot geword tot by die leër van die hemel en het sommige van die leër, naamlik van die sterre, op die aarde laat val en hulle vertrap"* (vers 10). Ons sien 'n soortgelyke geval in Openbaring 12 waar die Satan, in die gestalte van die draak, 'n derde van die sterre van die hemel meesleur. Daaraan erken ons dat ons ook hier weer te doen het met die teenstander van God, die een wat homself soos God wou voordoen en gevolglik neergewerp was op die aarde.

Die antichris, die 'Superman' van Satan, het homself "... verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is" (2Thes. 2:4). In die Skrif word gelowiges in Christus beskryf as die tempel van God. Maar net soos die tempel destyds 'n rowerspelonk geword het, so is die christendom vandag van God afvallig. Te midde van hierdie afvalligheid, het die antichris sy woonplek gemaak waar God eintlik moet woon. Hy word aanbid as God, en maak aanspraak op onfeilbaarheid en laat homself aanspreek met 'n titel wat alleen behoort aan die enigste God, ons Heilige Vader in die hemel (Matt. 23:9).

Soos aangekondig in Daniël 7:25, sal hy "... woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd". Hierdie gedeelte van die Skrif maak dit duidelik dat dit die presies-vasgestelde drie-en-'n-half jare van verdrukking is wat net betrekking het op die Jode. In hierdie verband staan die verandering van "tye" en die "wet"; die nuwetestamentiese Gemeente word nie daarmee bemoei nie. Dit gaan om die Jode, en dit is die rede waarom die engel vir Daniël gesê het: "*Ek het dan gekom om jou inligting te gee oor wat jou volk aan die einde van die dae te beurt sal val ...*" (Dan. 10:14).

Ons word vertel in Daniël 11:32 hoe die antichris daarin geslaag het om die mense op sy kant te kry: "*En die wat goddeloos handel teen die verbond, sal hy met vleierey afvallig maak ...*". Die antichris is nie 'n politieke diktator teen wie die hele wêreld sal opstaan nie, maar soos reeds genoem, word hy erken van alle politieke en godsdienstige owerhede, wêreldwyd. "*En sy krag sal sterk word, maar nie deur sy krag nie* (onthou, ons het reeds gelees dat die draak hom sy krag en sy troon gee); *en hy sal buitengewoon baie kwaad aanrig en dit voorspoedig uitvoer; en hy sal magtiges vernietig en ook die volk van die heiliges. En op grond van sy slimheid sal hy met geluk bedrog pleeg, en hy sal groot dinge onderneem in sy hart en baie mense onverwags vernietig*" (Dan. 8: 24-25). Die presidente van die V.S.A. en Rusland het slegs 'n beperkte invloed. Maar hierdie man het wêreldmag; hy beoefen dit op godsdienstige vlak en terselfdertyd in die wêreldpolitiek.

Gedurende die tyd van sy skrikbewind, word die antichris geopenbaar dat hy die wese van 'n dier het en hy selfs groot dinge spreek teen God, soos dit in Openbaring 13:6 geskrywe is: "*En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om sy Naam en sy tabernakel en die*

*wat in die hemel woon, te laster".* Op daardie stadium is die verlostes alreeds in die hemel ingeneem.

In Johannes 14: 2-3 het die HERE aan Sy eie belowe: *"In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is".* Almal wie op Christus afwagtend is, word heimlik weggeneem, soos Paulus dit beskryf in 1Thessalonicense 4: 13-17, voordat die vreeslike dag van Gods toorn aanbreek (1Thes. 5: 1-11).

Terwyl die groot verdrukking op aarde plaasvind, is die verlostes in die Heerlikheid. Johannes het die oorwinnaars soos 'n see van glas gesien. Hy getuig: *"En ek het gesien iets soos 'n see van glas, gemeng met vuur. En die oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken, oor die getal van sy naam, het ek by die see van glas sien staan, met siters van God"* (Openb. 15:2). Die oorwinnaars sal opgemaak word van mense wat die oorwinning verkry het oor die beeld van die dier en die getal van sy naam. Daarop sal ons nog ingaan.

## **Besondere Kenmerke**

Die profeet Daniël gee vir ons meer onmiskenbare en opvallende tekens van hierdie man, wat ook beweer dat hy koning sal wees. Ten slotte oortref sy koninklike paleis alle ander koningshuise. In Daniël 11, vers 36, word die volgende gedagtes uitgedruk: *"En die koning sal doen net wat hy wil en homself verhef en hom groot hou bo enige god, en teen die God van die gode sal hy wonderbaarlike dinge spreek; en hy sal voorspoedig wees ...".* Ons ondervind hierdie verwaandheid van die man voortdurend. Daar word ook gesê in vers 37: *"... en op die liefling van die vroue en op enige god sal hy geen ag gee nie; want hy sal homself bo alles groot hou".* God het die kenmerke van sy persoonlikheid so duidelik beskryf dat selfs 'n eenvoudige mens dit kan begryp. Dit is die HERE wat die huwelik ingestel het, maar hierdie man verwerp dit en is dus gekant teen die goddelike orde. Daniël het onder inspirasie van die Heilige Gees geskryf toe hy noem dat hierdie man vroueliefde sal verag.

Dit is met 'n profetiese blik dat Paulus hierdie tema opneem in sy brief aan sy mede-werker, Timótheüs. Hy skryf oor die leerstellinge wat van duiwels en dwaal geeste kom, en dan kom hy ook tot die kern van die saak: *"wat verbied om te trou, en gebied dat mense hulle moet onthou van voedsel ..."* (1Tim. 4:3). Weereens beklemtoon ons dit wat die HERE gesê het: *"Dit is nie goed dat die mens alleen is nie ..."* (Genesis 2:18).

Die leerstelling oor selibaatheid het 'n vroom voorkoms, maar is ontmasker in die onfeilbare Woord van God as 'n valse en demoniese leerstelling. Dink net altyd só daaraan: anti-Woord = anti-Christus.

Paulus skryf aan die gemeente van Korinte: *"Het ons dan geen reg om 'n suster as vrou ... net soos die ander apostels en die broers van die HERE en Céfas nie?"* (1Kor. 9.5). Hier word ons te kenne gegee dat ook die broers van Jesus vrouens gehad het. Die broers van Jesus word 'n paar keer genoem in die vier Evangelies, en selfs by name in Matthéus 13:55. Dit weerlê duidelik die ou legende dat Maria geen ander kinders gehad het nie, 'n legende wat volgehou word as gevolg van die aanbidding van Maria. Volgens Handeling 1:14 was Maria, die moeder van Jesus én Jesus se broers, onder die 120 mense wat in die bovertrek vergader was.

Van die hoof van hierdie stelsel hoor ons verder: *"maar in plaas daarvan sal hy die god van die vestings vereer, en die god wat sy vaders nie geken het nie, sal hy met goud en silwer en edelgesteente en kosbaarhede vereer"* (Dan. 11:38). Die frase *"sal hy die god van die vestings vereer"*, spreek van die oorlogsgugtige verbintenis wat hierdie godsdienstige mag het. Die geskiedenis getuig van kruistogte, godsdienstige oorloë en verwoesting wat in die naam van God begaan is onder die teken van die kruis. Om die verband selfs duideliker te maak, ontbreek die verwysing na goud, silwer en edelstene nie. Die god wat hy gemaak het, is 'n god wat sy vaders inderdaad nie vereer het nie. Die God van Abraham, Isak en Jakob is 'n ander God.

## **Die Hoer op die Dier**

Nou kom ons 'n nuwe simbool tee, wat ook deel uitmaak van die anti-christelike konstellasie. Dit bestaan uit aardse politieke- en geestelik-godsdienstige mag. God het 'n rede vir die keuse van sulke beelde. Hy kon nie die punt op 'n meer sinvolle manier maak nie. In Openbaring 17 word die laaste koninkryk in sy finale fase daargestel. Die groot hoer speel die hoofrol, wat op die dier ry en ook vir eie doeleindes heerskappy uitoefen oor die wêreldmag. Johannes het 'n stem hoor sê: *"Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit, met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery"* (Openb. 17: 1b-2). Neem in ag dat dit die veroordeling is soos dit gesien word deur God. Vir die mensdom, kan dit heeltemal anders voorkom. Die maghebbers van die aarde wedywer vir die guns van die groot hoer en die aarde se bewoners het die vermoë verloor om op 'n

sinvolle manier te oordeel. Johannes berig verder: *"En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings"* (Openb. 17:3).

Om die betekenis hiervan te kan verstaan, moet ons die konsep van 'vrou' bekyk en ontdek waarom die Skrif praat van 'n "hoer" in verband daarmee. God verwys verskeie kere in die Ou Testament na Israel as Sy vrou – Sy Gemeente in wie hy die saad van Sy Woord plaas. Hy het haar later berispe vir haar ongeloof en geblameer vir haar geestelike hoerery aangaande die aanbidding van afgode. Sy het van die Woord afgedwaal en daarmee van God self af, en vir haar 'n vreemde saad geneem en begin om geestelik te hoereer. *"Twis met jou moeder, twis; want sy is nie my vrou nie, en Ek is nie haar man nie, en laat sy haar hoerery van haar aangesig verwyder en haar owerspel van haar borste af weg ... En ek sal My oor haar kinders nie ontferm nie, want hulle is kinders uit hoerery gebore. Want hulle moeder het in ontug gelewe, sy wat met hulle swanger was, het skandelijke dinge gedoen"* (Hos. 2: 2, 4-5a).

Die HERE het aan die profeet Jeremia gevra: *"Het jy gesien wat die afkerige, Israel, gedoen het? Sy het op elke hoë berg en tot onder elke groen boom gegaan en daar gehoereer"* (Jer. 3:6). Die opstand teen God en sy Woord lei tot die aanbidding van afgode. So is 'n ras onegte kinders gebore wat God kinders van 'n hoer genoem het: *"Hulle dade gedoog geen terugkeer tot hulle God nie, want daar is 'n gees van hoerery in hulle binneste, en hulle ken die HERE nie ... Hulle het troueloos gehandel teen die HERE, want hulle het onegte kinders verwek ..."* (Hos. 5:4,7).

Maar die HERE het ook deur die profeet Hosea die stand van die Gemeente van die Nuwe Testament gewys, wat Hy uit genade die verlossing geskenk het. Hy verkondig dus: *"En Ek sal My met jou verloof tot in ewigheid en My met jou verloof in geregtigheid en in reg en in goedertierenheid en in ontferming. En Ek sal My met jou verloof in trou; dan sal jy die HERE ken"* (Hos. 2:18-19). Deur Sy menswording het God 'n liefdevolle verhouding met Sy Gemeente geherstel. As HERE het Hy haar Verlosser geword en deur Sy dood aan die kruis het Hy eens en vir altyd betaal vir haar versoening en vergifnis. In Sy liefde en barmhartigheid het Hy hulle weer laat terugkeer na die geregtigheid van God. Hy het die verlostes byeengebring in 'n liggaam wat Hy bou as Sy geliefde "Bruid" Gemeente, met Hom as hul "Bruidegom."

Toe Johannes die Doper van God gestuur was, het hy gesê: *"Hy wat die bruid het, is die bruidegom; maar die vriend van die bruidegom wat na hom staan en luister, verbly hom baie oor die stem van die bruidegom ..."* (Joh. 3:29). Die wet en die profete was tot Johannes; van toe af was die koninkryk van God verkondig (Luk. 16:16). Johannes die Doper was die eerste om te praat van die Bruidegom en die Bruid. Dit is in die gestalte van "Bruid" wat die uitgeroepe Gemeente van die HERE, die Ekklesia, gevind word onder die Nuwe Verbond. In Mattheus 25 praat die HERE Jesus van Homself as die Bruidegom en van die wyse, rein en gees-ge vulde maagde wie saam met Hom by Sy wederkoms, na die bruilofsmaal van die Lam heen sal gaan. Die voorbereide skare wat die voltooiing bereik word getoon aan ons in heerlijkheid in Openbaring 19:7. Hulle roep uit: *"Laat ons bly wees en ons verheug en aan hom die heerlijkheid gee; want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak"*.

Net soos dit was met Maria in haar tyd, ontvang die ware Bruid ook die beloofde Woord in ons dag, in 'n maagdelike staat. Daarteenoor is daar ook die ontroue vrou wat uit die teenwoordigheid van God afvallig geword het en 'n vreemde saad ontvang het. In Openbaring 17 word daardie afvallige instansie vir ons duidelik beskryf. Daar word die ontroue vrou aangewys as die "groot hoer". Om dit beter te kan verstaan, is dit nodig om dit te vergelyk met die vrou wat aan ons in Openbaring 12 aangetoon word, wie die ware Gemeente simboliseer. Ons moet nie die groot verskil tussen die twee profetiese simbole oor die hoof sien nie.

Die vrou in Openbaring 12 is bekleed met die son. Dit dui op Christus, die Son van Geregtigheid, wat genade verleen aan Sy volk, gedurende die tyd van die Nuwe Verbond. Die maan verteenwoordig die Ou Testament met die beloftes wat aan dit gegee is – dit is die fondasie van die Nuwe Testament. Net soos in die natuurlike die maan sy glans ontvang van die son, so is dit met betrekking tot die geestelike; van die Ou Testament wat ook verlig word deur die vervulling van sy beloftes in die Nuwe. Die Nuwe Testament bevat die vervulling van al die beloftes van die Ou Testament.

Die Nuwe-testamentiese Gemeente is gegrond op die fondament van die Ou Testament. Jesus en Sy apostels het hulle uitsluitlik beroep op die Ou Testament, want in daardie dae was die Nuwe Testament nog nie geskryf nie. Alles wat uit die oogpunt van die heilsgesiedenis vervul word in die Nuwe Testament kan duidelik in die Ou Testament getoon word. Dit is die rede waarom die Ou en Nuwe Testamente gesamentlik



die Bybel in sy geheel vorm. In die Ou Testament het God die heil aangekondig; in die Nuwe het Hy dit geskenk.

Die kroon van twaalf sterre wat die vrou op haar hoof het, versinnebeeld die ware Gemeente, gekroon met die leringe van die twaalf apostels. In die afbeelding in Openbaring 12 is die vrou swanger en in haar baringsnood skree sy uit van die geboortepyne, wat daarop dui dat uit die Gemeente gaan diegene wie die goddelike Saad van die Woord opgeneem het, die oorwinnaars, wedergebore word. Die uitverkorenes word uitgeroep uit die menigtes van al die kerk-eeue.

*"... En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het"* (Openb. 12:4). Vreemd genoeg, die draak was presies soos die dier met sewe koppe en tien horings, waarop die hoer sit, soos aangeteken in Openbaring 17. Die koninkryk van Satan op aarde is die van die antichris. Satan het daarin geslaag om sy koninkryk deur sy verteenwoordiger hier op aarde te bou, om sy voorgename planne uit te voer.

Hoewel die uitverkorenes nie die groot verdrukking sal meemaak nie, sal hulle tog met 'n kort beproewingstyd getoets word. Dit is wat hier uitgebeeld word waar ons die draak woedend voor die vrou sien staan. Deur sy aardse mag onderdruk hy die Gemeente. Sodra die politieke en godsdienstige magte saamgesnoer word, sal druk uitgeoefen word op politieke vlak, deur godsdienstige mense. Almal wat dan nie onderdanig sal wees aan dié gekombineerde staat- en godsdiens stelsels nie, sal vervolg word.

Nou wil ons ons terugwend na die groot hoer wat op die dier sit met sewe koppe en tien horings. Hierdie hoer-vrou op die dier, soos hier uitgebeeld, is die afvallige godsdienstige wêreldmag wat uit die teenwoordigheid van God kom en politieke regerings van hierdie wêreld dien. Sy was geklee in purper en skarlaken en versier met goud en kosbare stene en pêrels. (Openb. 17:4). Daar is geen rede vir verdere verduidelikings nie. Daar is net een sulke instelling op aarde. *"... en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol van gruwels en die onreinheid van haar hoerery"*. Ten spyte van haar pragtige voorkoms, was die goue beker in haar hand vol gruwels.

Die hoer van Openbaring 17 is ook 'n moeder. Vers 5 spreek daarvan: *"En op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgeneid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde"*. In die laaste fase is sy nie net Babilon nie, maar "die groot Babilon".

Sy het baie dogters wat uit haar skoot voortkom. Net soos die moeder afvallig van God af en ontrou geword het, lei sy haar dogters – die denominasies – weg van die oorspronklike Woord van God af en dus van God self af. Hulle was toe verstrik in hul eie leerstellinge en self-geformuleerde geloofsbelofte. Hulle nalatenskap vanaf hul moeder is onbybelse tradisies, wat in die oë van God geestelike hoerery is, daarom noem God se Woord hulle ook hoere.

Wat Johannes in vers 6 berig, is skokkend: *"En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien"*. Die kerk-geskiedenis gee veskillende getalle martelare aan. Die hoogste skatting, sover dit bekend aan die skrywer is, is 68 miljoen. Maar net God weet wat die werklike getal is van diegene wie doodgemaak was ter wille van hulle geloof. Geen wonder dat Johannes verbaas was toe hy die vrou dronk van die bloed van die heiliges en martelare van Jesus gesien het nie. Vir ongeligtes mag dit onwaarskynlik wees, maar diegene wie waaragtig in Christus glo was nog altyd deur die antichristelike vervolging. Aan die einde van Openbaring 18 vind ons die volgende: *"... want deur jou towery is al die nasies verlei. En die bloed van profete en heiliges is in haar gevind, en van almal wat op die aarde gedood is"* (vv. 23c-24).

Die geskiedenis van die Gemeente is deurweek met die bloed van die martelare. Dit is slegs in die Tweede Vatikaan Raad, tussen 1962 en 1965, toe hulle begin instem het dat die 'vloek' wat op die Jode was, waarin hulle aangewys was as "moordenaars van Christus", nie langer in stand gehou kon word nie. Dit is onder hierdie vloek van die pouse waardeur die Jode vervolging, onteiening en gedood was in al die eeue! Dit was dieselfde met almal wat 'n ander geloof gehad het. Maar wie praat vandag nog van die slagting in Ierland? Wie onthou nog die ander sy van die Spaanse Inkwisisie of die slagting van St. Bartholomeo in Frankryk? Wie onthou nog wat gebeur het met die Hugenote of die Mennoniete? Wie het nie gehoor van die onteiening en uitsetting van die Waldense nie? Wat van al die vervloekinge wat geskrywe was, ten opsigte van alle sg. ketters en spesifiek by die Raad van Trent? Hierdie anathemas is nooit herroep nie! Nie die doel, nog minder die wese van hierdie "instelling" is verander nie, net die strategie. Tot vandag nog word almal wat anders glo, insluitende ware Bybel gelowiges, beskou as ketters en sekte-aanhangers, ens.

In Openbaring 17:7 word die geheimevolle konstellasie nog 'n maal aan ons presies beskrywe, toe die engel aan Johannes vra: *"... Waarom*

*het jy jou verwonder? Ek sal jou die verborgenheid van die vrou vertel en van die dier met die sewe koppe en die tien horings, wat haar dra".* Dan kry Johannes die volgende verduideliking: *"Die dier wat jy gesien het, was en is nie en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar ..."* (vers 8a). Hierdie mag kom nie van bo nie, maar van onder af. Die leier en haar volgelingen gaan die verderf in, net soos Judas. Deur die val van die Romeinse Ryk het Rome sy wêreldmag tydelik verloor, maar op die ou einde sal haar godsdienstige invloed, met 'n ondenkbare omvang weer versterk word.

Mag die volgende verse die laaste twyfel wat daar nog mag wees verwyder: *"Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit"* (Openb. 17:9). Hierdie beskrywing toon duidelik watter stad dit is – een wat gebou is op sewe heuwels. Diegene wat noukeurig lees moet ook in staat wees om die beskrywing van die vrou presies te plaas, wat haar hoofkwartier het in die sogenaamde 'ewige' stad! Maar, soos die Woord van God sê, is dit nodig om goddelike wysheid, tesame met 'n goeie begrip te hê, om hierdie dinge te herken.

Maar die sewe koppe het egter nie net 'n eenvoudige betekenis nie: dit versinnebeeld ook sewe vooraanstaande heersers, waarvan vyf reeds verskyn het toe Johannes die visioen gehad het. Die sesde was daar tydens sy tyd en die sewende behoort aan die eindtyd. Derdens, simboliseer dit ook die leidende hoofde binne die wederopgerigte Romeinse wêreldryk aan die einde. *"En die dier wat was en nie is nie, is self ook die agtste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf"* (v. 11). Dit is hoogs interessant. Hier praat dit van 'n agtste maghebber wat ook beskryf word as die dier.

Wie die Vatikaan besoek sal eerstehands ervaar dat die Vatikaan op sigself 'n selfstandige staat is met alles wat aan 'n aardse regering behoort. Daarom kan ons verstaan dat die agtste geografies behoort aan die sewe, maar nog steeds bestaan as die onafhanklike "Vatikaanstad". Dit is 'n staat midde-in 'n ander staat.

Meer duideliker kan dit nie wees nie. Om bybelse profesie te vervul het Benito Mussolini in 1929, deur die Lateraanse Verdrag, die Pous die reg van soewereiniteit oor die Vatikaanstad verseker. Op 20 Julie 1933 volg toe die samestelling van die ryk tussen Hitler en Pius XI. Daarmee het beide hierdie katolieke diktators die magtige Katolieke Kerk agter hulle gehad. In verband daarmee was aan Johannes verduidelik: *"Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale"* (Openb. 17:15).

Dit hou verband met Europa waar daar reeds in daardie dae al massas van mense en tale was. In vers 18 is dit nie nodig om enige ander kommentaar by te voeg nie: *"En die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde"*.

Wie wil ontken dat alle maghebbende persoonlikhede, veral politici wat aan bewind kom, na Rome reis? As dit nie was vir die Vatikaan nie, sou nie een van hulle hul steur aan daardie stad nie. Juis daarom hoor ons altyd berigte van oudiënsies wat toegestaan was aan belangrike persoonlikhede van alle wereldse vlakke; sulke besoeke word altyd gedek deur die belangrikste media.

Deur diplomatieke kanale is dit moontlik gemaak dat hulle onbepaalde invloed uitoefen op alle belangrike lande van die aarde. Daar is net een gesag op aarde wat beide heimlike en openlike invloed uitoefen op konings en staatsmanne, op demokrasieë en diktature eweneens. Daar is net een supermoondheid wat die wêreld omvou.

## **Oos- en Wes Europa**

Die konstellasie in die eind-fase is van groot belang. Wêreld-wye ontwikkelinge, hetsy op politieke of ekonomiese gebied, dwing die swak state om met die sterkes saam te werk. In hierdie geval het sewe lande in Wes-Europa 'n direkte rol en dit word gesimboliseer deur die sewe koppe.

Die dryfkrag kom uiteindelik van die "Europese Gemeenskap", waarvan die fondasie reeds in 1957 gelê is deur die Verdrag van Rome. Die implementering van die Verdrag van Rome is ook die vervulling van 'n bybelse profesie. Dit het ontstaan deur drie politici wat 'n deurslaggewende rol in die stigting daarvan gespeel het: Robert Schuman (Frankryk), Alcide De Gasperi (Italië) en Konrad Adenauer (Duitsland). Al drie was Katolieke en Christen-Demokrate, en as sulks was hulle gevul met Rooms-Katolieke internasionalisme. Die herlewing van die Romeinse Ryk het nou in werklikheid begin, met volledige sukses.

Die Franse president Charles de Gaulle, wat toe reeds geskiedenis gemaak het, het die visie gehad van 'n ten volle verenigde Europa, uitgebrei tot by die Oeral. Vreemdsgegewys het Michail Gorbatsjof, by die partykongres in Oos-Berlyn in April 1986, dieselfde gedagte gehad. Ons moet kyk na hierdie snelle ontwikkeling van die profetiese bybel-visioen en die orde in ooreenstemming daarmee. Alles sal gebeur soos wat vooruit gesien was.

As Konrad Adenauer die aanbod aan hom gemaak deur Stalin op 10 Maart 1952 aanvaar het, sou geen grens getrek gewees het deur enige land tussen Oos- en Wes Europa nie. Maar hierdie besluit moes geneem word, anders sal die Europese Gemeenskap nie 'die lokomotief' wees nie. Stalin het die hereniging van die verdeelde na-oorlogse Duitsland aangebied, met die enigste voorwaarde dat dit neutraal bly. Adenauer, wetende hoe die protestantse bevolking van die Demokratiese Republiek van Duitsland (genoem die DDR), sou stem, het die aanbod geweier. Oostenryk daarteen het die aanbod van neutraliteit aanvaar en het dit beslis nie berou nie.

Terwyl die sewe koppe 'n sterk komponent is van die stelsel wat domineer aan die einde, manifesteer die tien horings net in die laaste periode van die profetiese gebeurtenisse: *"En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier ... Want God het dit in hulle harte gegee om sy bedoeling uit te voer en een bedoeling uit te voer, en hulle heerskappy aan die dier te gee totdat die woord van God volbring is"* (Openb. 17: 12,13 en 17).

Dit verwys hier na 'n spesifieke tyd waarin sy mag begin en ook 'n spesifieke tyd wanneer dit sal eindig. Volgens die beskrywing simboliseer die tien horings Oos-Europa, in teenstelling met die sewe koppe wat ons vind in Wes-Europa.

In die finale fase sal die Oos-Europese lande, gelei deur Rusland, gedwing word om by 'n verenigde Europa aan te sluit. Reeds nou al kan ons die geleidelike toenadering waarneem. Die ekonomiese bande tussen die Wes- en die Oos-blok lande sal laasgenoemde geen ander keuse laat as om aan te sluit nie. Verder drywe die kommer oor *"vrede en veiligheid"* ook almal na 'n gemeenskaplike onderhandelingsstafel.

In Daniël 2:43 was die voete van die beeld deels van yster en deels van klei, dit wil sê, van twee fundamenteel-verskillende materiale; omdat yster en klei nie kan meng nie, kan dit dus nie enige sterk verbinding tussen hulle hê nie. So sou dit ook wees tussen Oos- en Wes-Europa. Die lande van Oos-Europa sal deur die planne van die Roomse kerk sien en dit net duld tot op 'n punt – net totdat die bybelse profesieë vervul is; en dan sal hulle die hoer 'n vernietigende slag toedien, soos dit in Openbaring 17:16 geskrywe staan: *"En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand"*.

Dit sal 'n skielike aanval wees, want dit sê verder: *"Wee, wee jou, o groot stad Babilon, o sterk stad, want in een uur het jou oordeel gekom!"* (Openb. 18:10). Ons sien 'n paar verse later dat die beskrywing weereens herhaal word, sodat almal met die eerste oogopslag kan herken op wie dit gemik is: *"Wee, wee die groot stad wat bekleed was met fyn linne en purper en skarlaken en versierd met goud en edelgesteente en pêrels, omdat in een uur soveel rykdom verwoes is!"* (vers 16). Voor Johannes se oë het 'n engel verskyn en die einde van hierdie wêreldstad uitgebeeld: *"En een sterk engel het 'n klip opgetel soos 'n groot meulsteen en dit in die see gegooi en gesê: So, met 'n vaart sal Babilon, die groot stad, neergegooi word en nooit meer gevind word nie"* (vers 21).

In die Ou Testament vind ons 'n beskrywing van hierdie stad. Almal het al gehoor van die toring van Babel. Bab-el beteken 'Poort van God'. Babilon, wat beteken 'verwarring wat styg na die hemel', kom uit die oorspronklike Babel. Die profeet Jeremia het sy ondergang reeds gesien as 'n voldonge feit, *"Babel was in die hand van die HERE 'n goue beker wat die hele aarde dronk gemaak het; die nasies het van sy wyn gedrink; daarom het die nasies rasend geword"* (Jer. 51:7). Valse leerstellinge het 'n geestelike uitwerking, soos in die natuurlike 'n mens na sterk drank sy toevlug neem en dan sy fokus verloor en nie weet wat waarheid is nie, wat hy dink of wat hy sê nie. Dit is die geestelike toestand van die christendom vandag. Almal het gedrink uit die beker van Babilon en hulle eie gedagtes daarmee gemeng.

Jeremia skryf verder in vers 8: *"Skielik het Babel geval en is verbreek. Huil oor hom; gaan haal balsem vir sy pyn! Miskien sal hy gesond word"*. Soos ons sien in die daaropvolgende vers, is daar genesing vir diegene wat uit Babilon kom maar nie vir Babilon self nie: *"Ons het aan Babel medisyne gegee, maar hy het nie gesond geword nie; verlaat hom en laat ons trek, elkeen na sy land; want sy strafgerig raak tot aan die hemel en verhef hom tot by die wolke"* (v. 9).

In Openbaring 16:19 word die oordeel van hierdie stad ook beskryf vir ons: *"En die groot stad is in drie dele verdeel, en die stede van die nasies het geval. En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn"*. Met die aanskouing van hierdie hoerende vrou het ons gevind dat sy met 'n beker verwerplike en onbybelse leringe in die hand sit waaruit die ganse mensdom gedrink het, volgens Openbaring 18:3. Maar in geregtigheid word die beker van die toorn van God uiteindelik op haar

gegiet. *"Verbly jou oor haar, o hemel, en o heilige apostels en profete, omdat God julle oordeel aan haar voltrek het!"* (Openb. 18:20).

Dit godsdienstige instelling, wat haar heerskappy oor die konings van die aarde in verbinding met die ekonomiese en politieke mag uitoefen, sal uitgeroei word voor die vestiging van die Koninkryk van God op aarde. In Openbaring 18: 2-3 sê dit dat 'n engel met groot mag met 'n groot stem uitgeroep het: *"Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls, omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid"*.

Dit is oorweldigend om te sien hoe die Heilige Gees die profete en apostels geïnspireer het en hierdie dinge lank vooruit aan hulle geopenbaar het. In vers 5 word ons vertel dat haar sondes na die hemel gerek is en in verse 7 en 8 sê dit: *"Namate sy haarself verheerlik het en weelderig geleef het, na dié mate moet julle haar pyniging en droefheid aandoen. Omdat sy in haar hart sê: Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie – daarom sal haar plaë op een dag kom: dood en droefheid en honger, en met vuur sal sy verbrand word; want sterk is die HERE God wat haar oordeel"*.

God, die Almagtige, het reeds vooruit die oordeel oor haar uitgespreek. Hy het die tien horings voorberei om gebruik te word as instrument om die stad met 'n bom 'n skielike einde te gee. Ons kan seker wees dat die tyd sal kom wanneer die ware proklamasie sal realiseer, want God sê wat hy bedoel en hy bedoel wat hy sê. Dit is hoekom almal wat verwoesting wil ontsnap, moet gehoor gee aan wat die stem gesê het uit die hemel: *"Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie"* (Openb. 18:4).

Ons moet Rusland beskou as die uitvoerder van God se oordeel. Die simbole van die hamer en sekel is heeltemal paslik. Drie aanvalle sal uitgevoer word, waarvan die eerste die ander twee bybels-toewysbaar sal maak. Die eerste sal vervul word teen die VSA, die tweede teen die Vatikaan en die derde teen Israel. Omdat die VSA naas Israel staan sal die eerste aanval strategies op hom wees om hom buite aksie te stel vir 'n rukkie, sodat die VSA nie kan ingryp nie, wanneer hulle op Israel toesak. Rusland sal aansluit by al die Arabiese lande om die aanval teen Israel te loods. Vir lesers van die Bybel, is hierdie gebeurtenis bekend as die groot slag van Armageddon:

*"... Perse, Kusiete en Putéërs saam met hulle, almal met skild en helm; Gomer en al sy leërs, die huis van Togarma, in die uithoeke van die noorde, en al sy leërs – baie volke saam met jou. Hou jou reg en maak jou klaar, jy en al jou menigtes wat by jou vergader het; en wees vir hulle 'n leidsman. Ná baie dae sal jy bevel ontvang; aan die einde van die jare sal jy 'n land intrek wat van die swaard weer reggekom het, wat versamel is uit baie volke, op die berge van Israel wat gedurigdeur as pynhoop daar gelê het – ja, dit is uit die volke uitgebring, en hulle woon almal in veiligheid. Dan sal jy optrek soos 'n onweer wat aankom, jy sal wees soos 'n wolk om die land te oordek, jy en al jou leërs en baie volke saam met jou" (Esé. 38: 5-9).*

Dit is dan dat God sal ingryp en met net een slag 'n einde aan alles sal bring: *"En Ek sal met hom in die gereg gaan deur pes en deur bloed; en oorstromende stortreën en haelstene, vuur en swawel op hom laat reën en op sy leërs en op baie volke wat saam met hom is. So sal Ek My dan as groot en as heilig laat ken en Myself bekend maak voor die oë van baie nasies; en hulle sal weet dat Ek die HERE is" (Esé. 38: 22-23).*

In Sagaria 14:12 vind ons die volgende: *"En dit sal die plaag wees waarmee die HERE al die volke sal tref wat opgetrek het om teen Jerusalem te veg: Hy sal hulle vlees laat wegteer, terwyl hulle nog op hul voete staan; en hulle oë sal wegteer in hulle holtes, en hulle tong wegteer in hul mond".*

Dié beslissende stryd is gedurende die apokaliptiese oordeel. Dit sal plaasvind wanneer die sesde engel sy skaal van God se toorn uitgiet. (Openb. 16: 12-16). Dis dan wanneer die volgende woorde tot vervulling sal kom: *"Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie ..."* (Dan. 2:44). Die begin van die eskatologiese gebeure, vervul wat geskrywe is: *"Want Hy volbring 'n saak en verkort dit in geregtigheid, omdat die HERE 'n saak wat verkort is, op die aarde sal doen" (Rom. 9:28).*

## **Die Dier met die Twee Horings**

In Openbaring 13 word berig van 'n tweede dier. Johannes skryf daaroor: *"En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak" (v.11).* Hierdie dier is nie uit die see van mense nie, maar vanuit die aarde, dit wil sê, dit is nie uit die state van die Romeinse Ryk nie, soos ons sal sien, maar vanuit die Noord-Amerikaanse vasteland – destyds was daar nog geen mense massas nie.



Uiterlik lyk hierdie tweede dier soos 'n lam, maar dit praat soos 'n draak en vergestalt die tweede mag, die Verenigde State van Amerika (VSA), wie in die eind-fase, newens 'Verenigde Europa' verskyn. Die dier het twee horings gehad, wat die politieke magsgebied van hierdie wêreld – die Verenigde Nasies (VN) – en die godsdienstige magsgebied verteenwoordig – die Wêreldraad van Kerke (WRK).

Die VSA, wat gebou is op die beginsels van protestantisme het 'n groot mag geword. Eerstens het baie mense vanaf Europa daarheen gevlug om die vervolging van die Rooms-Katolieke Kerk te ontsnap. Dit was eers later dat die algemene immigrasie daarheen begin het. Mense wat daardie dodelike greep wou ontsnap, het gevlug na die nuwe kontinent. Die stigterslede van die VSA was gelowige, godvresende manne wie hierdie slagspreek aan die nasie gegee het: "One Nation Under God" (Een nasie onder God) en "In God We Trust" (In God vertrou ons).

Aan die einde van vers 11 staan daar dat die dier met die twee horings praat soos die draak, dit wil sê, die taal van Rome. Die volgende vers stel dit duidelik dat hierdie groot mag ook buig voor die Romeinse wêreldmag en in haar diens gestel word: *"En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is"* (Openb. 13:12).

Van die tweede dier het ons gelees dat hy die hele wêreld daartoe bring om die eerste dier te huldig, dit wil sê om sowel die geestelike as die aardse mag van die eerste dier te erken. Deur die opname van volle diplomatieke betrekkinge tussen die VSA en die Vatikaan op 10 Januarie 1984, was sy invloed verseker en so kon sy politieke en godsdienstige kanale nou gebruik word. Die huidige verwickelinge is duidelike bewys dat in die nabye toekoms, protestantse leiers ook openlik die primaatskap van die pous sal aanvaar.

Vers 13 is baie insiggewend: *"Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense"*. Die ondenkbare tegniese vooruitgang wat plaasgevind het na die Tweede Wêreldoorlog grens aan 'n wonderwerk. Die stortvloed van vuur op Duitsland aan die einde van daardie oorlog en in die Verre Ooste op Japan, is slegs 'n klein voorsmakie van wat wag in die nabye toekoms.

## Die Beeld van die Dier

Nou staan ons voor 'n nuwe konsep, naamlik, die "beeld van die dier". Van die tweede dier word gesê: *"En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het"* (Openb. 13:14).

Dit is 'n uitstekende beskrywing van die ontwikkeling wat ons reeds waargeneem het. Die VSA neem 'n bevoorregte posisie in binne die militêre alliansie; hul woorde, hul invloed het gewig. Wat die godsdienstige betref sal hulle nie daarin slaag om al die protestantse kerke ten volle te integreer nie; net deur hul erkenning van die pous, behou hulle hul bestaansreg om beskerm en erken te word deur die pous.

Die beeld van die dier, aangedui deur die horing wat die godsdienstige mag simboliseer, verwys na die WRK waarin al die protestantse denominasies verenig. In bybel-profesie is dit die eweknie van die eerste dier. Soos die lande van die Ooste en die Weste aan die Verenigde Nasies behoort, so ook is die protestantse Kerke van die Ooste en die Weste verenig in die WRK. Beide horings sal politieke invloed het. As daar nie 'n eenwording van kerk en staat was destyds nie, sou daar vandag ook nie staatskerke of kerk-state wees nie. Die kerke het deur wêreldse mag geword wat dit is. Die WRK sal ook toenemend 'n instrument van die politieke mag word. Sy globale president kan maar 'n Hongaar wees en terselfdertyd 'n burger van Budapest se ateïstiese regering.

Hierdie beeld kon ook praat, dit wil sê, dit sal gesprekke hê. Dit word soos volg in vers 15 uitgedruk: *"En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie"*.

Diegene wat, as gelowiges in Christus, nie buig onder druk van die WRK nie, en wat nie lede is nie van enige van die denominasies, wat almal aan hierdie Raad behoort, moet vervolging verwag. Mense wat glo in die Bybel sal hul reg om byeenkomste en godsdienstige aktiwiteite te hou, verloor. Die beeld van die dier sal praat en sal, met 'n fanatiese ywer, verseker dat almal wat nie saamstem met die eerste dier nie, doodgemaak word. Sodra die beeld van die dier, die WRK, begin spreek, sal druk op al die ware bybel-gelowiges uitgeoefen word.

Dit herinner ons aan Nebukadnésar wat 'n goue standbeeld laat maak het (Daniël 3). Die bevel was toe gegee dat almal hierdie standbeeld moes aanbid. Net soos dit destyds was, is daar ook nou persone wat net hul huldeblyke aan God bring en nie aan 'n godsdienstige beeld nie – 'n menslike instelling – ook nie voor dit buig nie. Die heerskappye van die heidense konings het begin met die vervolging van diegene wat God gevrees het, en dit is ook hoe dit sal eindig. Die skrif "*Mené, mené, tekél ufarsín!*", is reeds op die muur geskryf. Dit is die beproewing wat die volharding van al die ware bybel-gelowiges sal demonstreer.

Soos ons kan sien in Openbaring 13, verse 5-8, word die eerste dier ook na verwys as 'n persoon: "*En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie*" (v. 8). Die Kerk se uitoefening van totalitêre mag destyds in die Middeleeue, is algemeen bekend; die geskiedenis van die pouse is baie ook mee vertrouwd. Maar op die ou einde sal die Kerk ongekende mag uitoefen, soos nog nooit gesien was nie, en daarmee 'n einde maak aan vryheid van godsdiens. Slegs diegene wat die Kerk erken sal ook erken word.

Deur die inwerkingtrede van die Wêreldraad van Kerke sal die beeld ook, as die samesmelting van die Protestante en eweknie van die eerste dier, dieselfde kragte uitoefen. Van hulle sal selfs probeer om die Reformasie af te maak en al die gevolglike 'skade' daardeur gelei, probeer 'herstel'. In hierdie strewe word geglo dat die hervormers, na bewering, nooit die skeuring van die moederkerk bedoel het nie. So sal almal eindelaaste aansluit by hierdie poging om eenheid te bereik, wat nie kan gebeur sonder dat die Roomse kerk erken word nie. Druk sal selfs op al die mense op die buitekant geplaas word om by te kom. Dit word alles gedoen in die Naam van die HERE. Maar hierdie eenheid het niks te doen met die eenheid van die Gemeente van Jesus Christus nie – waarvoor Jesus gebid het in Sy hoë-priesterlike gebed!

Dit sal tot by 'n punt kom dat elkeen wat iets sê teen die Roomse Kerk, rekenskap sal moet gee. Slegs een stem sal toegelaat word op die aarde. Elke ander stem sal verbied word en mense sal gedwing word om dit te erken, deur lede te word van 'n denominasie wat deel uitmaak van die Wêreldraad van Kerke. Diegene wat nie sal buig voor hierdie twee stelsels nie, sal voëlvry verklaar word.

## Die Merk van die Dier

In Openbaring 13:16 sê dit: *"En hy (die tweede dier) maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word"*. Ook hier het ons te doen met die simboliese taal van die Bybel. 'n Merk is 'n kenteken, 'n identifisering. Paulus het gesê: *"Verder moet niemand my moeite aandoen nie, want ek dra die littekens van Jesus in my liggaam"* (Gal. 6:17). Hy het gely vir Christus en ter wille van die ware verkondiging van die evangelie. Hy was met Hom in 'n lydingsgemeenskap. Dit was beslis nie sigbare wonde soos dié van Jesus nie. Dit sou natuurlik 'n duiwelse bespottling wees van die heilige, eenmalige verlossingsdaad van God in Christus Jesus; dít kan nie nageboots word nie! Paulus was gekenmerk as 'n dienskneg van Christus, en hy het Sy skande gedra.

Die merk op die voorhoof dui 'n ooreenstemming met hul besluite aan, terwyl die merk op die hand ooreenstemmende handeling aandui – Die voorhoof dui ooreenstemming met die antichris aan en die hand, deelname aan die antichris-stelsel.

Diegene wat hulself bybel-gelowiges ag, praat baie oor die merk van die dier, maar hulle besef nie dat almal in die mens-georganiseerde christelike denominasies reeds daardie merk het nie. Nie een van die instellings met 'n aardse hoofkwartier is deur God gestig nie. Hy het 'n lewende organisme in die lewe geroep. Die bybelse gemeentes in die vroeë christendom het as vrye, onafhanklike, soewereine, plaaslike gemeentes bestaan. In daardie tyd was die Gemeentes onder leiding van gees-ge vulde en -gemagtigde manne, elk met 'n goddelike roeping en opdrag, deur God in die Gemeentes gevestig (1Kor. 12:28; Efé. 4:11). Daar was geen hoofkwartier of superintendent oor hulle nie. Daar was ook geen bybelskole of seminare nie of geen mens-verkose leraarsforums om predikers en gemeentes te lei nie. Eintlik was daar op daardie stadium niks van wat in die christendom vandag so voor-die-hand-liggend lyk nie; en omgekeerd is daar nou niks in die georganiseerde en onafhanklike kerke wat ooreenstem met die suiwer leringe en praktyke van die eerste Christene nie. Dit is nou net 'n dooie vorm.

Vandag het selfs die kleinste splinter-groepie gelowiges hul eie riglyne, waarby hulle hul streng hou; slegs diegene wat aan dieselfde organisasie behoort, kan vir hulle preek. Die Protestante het beswaar gemaak teen die Rooms-Katolieke Kerk se eis dat buite haar daar geen heil is nie, en met reg so! Maar by nadere ondersoek, vind ons dieselfde eise in alle kerke, tot die kleinste groepie. Tog sê almal, óf hardop óf

onderlangs, dat as 'n mens hulle leringe of openbaring nie glo nie, jy nie gered kan word nie. Daarmee identifiseer hulle met die merk van die eerste georganiseerde Christelike godsdiens, selfs al verskil hul leerstellinge van mekaar. Dit is genoeg om die merk van die dier outomaties te ontvang en onderwerp te word aan die gees van die antichris. Wat die deurslag gee is waar mense gekoppel is aan 'n organisasie, 'n bepaalde lering of 'n persoon. Dit beteken dat al die kerke, georganiseerd of onafhanklik, tot op die kleinste of jongste beweging, reeds die merk van die dier dra sonder dat hulle dit weet.

## Die Geheimsinnige Nommer

Soos ons reeds genoem het, sal swaar tye van verdrukking kom vir diegene wat nie die merk van die dier sal aanneem nie. Op godsdienstige vlak, sal almal wie nie saamstem met die antichris-stelsel nie, vervolging verduur. Op ekonomiese vlak, beteken dit dat almal moet buig voor die globale ekonomiese stelsel. Die wat nie buig nie sal geboikot word en sal nie kan handeldryf nie. In Openbaring 13:17 lees ons: "... sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die **merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het**".

Daar word nie net van "koop" gepraat nie, maar ook van "verkoop", gevolglik word nie net die gemiddelde burger geraak, wie hul lewensmiddels moet aankoop nie, maar ook besigheidsmense wat koop en verkoop, dit wil sê, diegene wat handel drywe. Dit is nie net vir die gelowige huisvrou nie, wie niks het om te verkoop nie, maar noodsaaklike aankope moet maak. Die betekenis hiervan is duidelik: die hele sakewêreld sal moet buig voor die Verdrag van Rome. Die ware gelowiges sal probleme ervaar, omdat hulle nie sal kan koop of verkoop, sonder die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam nie.

Soos ons kan sien, gaan dit om drie dinge: die merk, die naam en die nommer van die dier. Met die merk van die dier, gaan dit nie om 'n uiterlik waarneembare kenteken nie, maar om die naam van die dier en die getal van sy naam. Beide word genoem maar hulle vloei in 'n enkele stelsel. Die volgende vers gee meer lig: "**Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van 'n mens; en sy getal is seshonder-ses-en-sestig**" (Openb. 13:18). Nou kom ons nader aan die eintlike saak.

Die berekening van die waarde van die getal moet verwys na 'n man. Om die waarde van hierdie getal te bereken, is dit nodig om te leer waar die godsdienstige mag lê en hoe hul verteenwoordiger aangestel word.

Let daarop dat hierdie man geïdentifiseer word met die dier. Dit is dieselfde geheimsinnige man wat Paulus beskryf.

Daar is geen rede vir enigiemand om die saak nog verder te wil uitpluis nie. Die hele beskrywing asook die numeriese waarde het net een betekenis en dit kan ook net een persoon wees. Net een persoon dra die Latynse beskrywing waarvan die numeriese waarde presies 666 is. Die wanopvatting dat die Arabiese syferstelsel self die antichris teken sal wees en/of dat dit 'n rekenaar of 'n ander tegniese uitvinding wat bekendgestel sou word, is sonder enige bybelse grondigheid. Tog word dit duidelik gesê dat dit die getal van 'n mens is wat bereken moet word. Derhalwe kan dit nie net die blote getal 666 wees nie, maar die numeriese waarde wat bereken moet word, soos uit die Skrif aangewys.

Enige verduideliking in stryd met hierdie duidelike Skriftelike getuienis, word net uit die lug gegryp. Die mense word deur allerhande interpretasies nie net mislei nie, hulle word ook gereeld in paniek gedompel omdat dit hulle bangmaak; dat die antichris byvoorbeeld 'n internasionale monetêre stelsel sal bekendstel waarvan die kodenommer 666 is. Dit het niks te doen met die betrokke saak hier nie.

Net so onsinnig is dit om die getal 666 van die antichris in verband te hou met jou koolstof krediete, kredietkaarte, bank kodenommers, goedere etikette, telefoon nommers, die amptelike koerant letters, motor registrasies, ens, ens. Sommige praat van 'n rekenaar in New York, die ander een in Brussels, met die getal 666. Wat 'n blindheid en verbystering! 'n Rekenaar is maar 'n rekenaar en 'n kredietkaart is net 'n geldlose betalingstelsel. Die internasionale monetêre stelsel en die Wêreldbank is instellings wat maar net die internasionale beweging van geld beheer.

Net so kom die teorie dat die merk van die dier 'n onsigbare identifikasiekode sou wees, getatoeër met 'n laserstraal, ook net van die oordrewe verbeelding van baie gelowiges. Al hierdie dinge en nog baie ander, is bespiegelings wat niks te doen het met die werklikheid nie. Wie sulke goed glo, skryf en versprei het nie die Gees van God nie en is die slagoffers van gesofistikeerde bluf-maneuvers van Satan om mense te mislei. Dit is omdat mense nie verstaan dat dit nie die getal 666 self is nie; dit gaan eerder daarom: om die som van die numeriese waarde te kan bereken uit die betiteling van 'n beampte ('n mens).

Ons moet terugkeer na hierdie Skrif: *"Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van 'n mens ..."* (Openb.

13:18). Ons moet dit ernstig besef; dis nie net 'n getal nie, maar 'n berekende getal.

Die berekening sien dan soos volg uit:

$$\begin{array}{cccccccccccccccc} \underline{V} & \underline{I} & \underline{C} & & \underline{A} & \underline{R} & \underline{I} & \underline{V} & \underline{S} & & \underline{F} & \underline{I} & \underline{L} & \underline{I} & \underline{I} & & \underline{D} & \underline{E} & \underline{I} \\ 5 & + & 1 & + & 100 & & + & 1 & + & 5 & & + & 1 & + & 50 & + & 1 & + & 1 & & + & 500 & + & 1 & = & 666 \end{array}$$

Die meeste bybel-leraars begaan ernstige en gewigtige denkfoute. Hulle praat oor antichristelike regerings en bewegings, sodat die fokus gerig is op nie-christelike stelsels, soos sosialisme, kommunisme, ateïsme, Islam en so aan. Natuurlik is daar godsdienste en regerings wat teen die christendom is, maar dit het niks te doen met die antichris waarvan die Bybel praat nie.

Ons moet verstaan dat die antichris-gees bestaan het voordat enigiemand enigiets geweet het van Islam, ateïsme, kommunisme en so aan. Ons moet ook daarvan bewus wees dat in die dae van die apostels, die heidense godsdienste en die aanbidding van afgode reeds bestaan het in groot mates. Maar geeneen van God se gesante het ooit oor die antichris in daardie lyn gepraat of geskryf nie – inteendeel, Johannes skryf in alle duidelikheid in 1Johannes 2:19 oor diegene wat afgedwaal het in die rigting van die antichris: "*Hulle het van ons uitgegaan ...*".

Dit is dus 'n stelsel wat binne die christendom is, maar waarvan sy praktyke en leringe, Christus weerspreek. Dit is die man wat aanspraak maak om die opvolger van Christus op aarde te wees en op te tree in Sy plek, maar wat alles moontlik doen om die mense te verhinder om na Christus te kom. Dis hoekom hy nie Christus of Sy alleen-reddende genade kan preek nie, soos Petrus, Paulus en al die manne van God na hulle, dit gedoen het nie. Daarteenoor poog hy met groot gesag om almal se aandag op hom, en op die instansie agter hom, te vestig. Diegene wat in hom glo is verbind aan sy persoon en sy leringe en nie aan Christus en die bybelse onderrig en praktyke nie.

Aan die einde sal daar net twee groepe wees: die een groep sal die seël van God dra en die ander, die merk van die dier. Ware gelowiges ontvang die seël vanuit die hoogte, want so staan dit geskrywe: "*... in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte*" (Efé. 1:13). Wie die Woord van Waarheid, die volle, suiwer evangelie verwerp, kan nie verseël word deur die Heilige Gees nie, terwyl hulle soos in hierdie geval, die Gees van God weerstaan nie. Sulke mense bly net in hul vroomheid en foute. Hulle word geïdentifiseer deur die merk van die antichris.

Die gedagte van die verseëling word bevestig deur die apostel Paulus in Efésiërs 4:30: *"En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing"*. Die apostel skryf ook aan die Korinthiërs wat gelowiges geword het: *"Maar Hy wat ons saam met julle bevestig in Christus en ons gesalf het, is God, wat ons ook verseël het en die Gees as onderpand in ons harte gegee het ..."* (2Kor. 1: 21-22). Die seël van God is die werklike ontvangs van die Heilige Gees as 'n bonatuurlike belewenis, net soos dit ondervind was in die vroeë Gemeente (Hand. 2: 1-4; 8: 15-17; 10: 44-48; 19: 5-6). Dit beteken God self getuig daardeur dat Hy die betrokke persoon aangeneem het as Sy eiendom. Dit het absoluut niks te doen met 'n seremonie of daad van 'n godsdienstige instelling nie; dit is eerder 'n goddelike bevestiging dat God se goedkeuring op diegene rus wat gelowig in Christus geword het.

Niemand kan tog ernstig glo dat mense 'n sigbare inskripsie op die voorhoof sal dra nie. Hulle sal eenvoudig voor die antichris-stelsel buig en deelneem, en so sal hulle outomaties gekenmerk wees deur die antichris, net soos almal diegene wat Christus waarlik volg gevul en verseël word met Sy Gees.

Wie die HERE waarlik volg sal ook op hierdie punt nie in die duisternis bly nie. Die Heilige Gees gee duidelikheid oor alles omdat die tyd daarvoor nou gekom het. Soos reeds gesê, is baie opregte mense onwetend deel van die antichris-stelsel, want hulle is lede van 'n kerk wat aan die WRK behoort, en is niks-vermoedend wanneer daar oor die antichris gepreek word. Bybel-uitleërs soek die antichris in Sirië, Libië, selfs in Israel ens. Mense wat geen goddelike openbaring het nie, word foutiewelik gelei deur hul sg. gesonde verstand, en hulle mislei dan ook andere. Deur op hul kennis staat te maak beïndruk hulle diegene wat onkundig is oor die Bybel. Die verraderlike en bedrieglike spel van Satan te midde van valse voorwendsels met die verskaffing van spesifieke verduidelikings, moet gestop word deur die duidelike taal van die Woord. Mag hierdie daarlegging aan die hand van die Skrif, daarin slaag.

### **‘n Presiese Vergelyking**

Om mee af te sluit, wil ons nou kortliks nog enkele kenmerke van die antichris aanspreek. Paulus verwys na hom as "die wettelose", dws, iemand wat hom van die wet losgemaak het – hy besef nie dat dit nie gaan oor wat Moses in die wet neergelê het nie, maar eerder oor die deel van die heilsgeskiedenis wat vanuit die Ou Testament geopenbaar word. Almal het die wet gebreek en almal het God se gebooie oortree: *"En Moses was wel getrou in sy hele huis as 'n dienaar, om te getuig*



van wat nog gesprek sou word ..." (Hebr. 3:5). Dit is die plan van verlossing wat geskets word as 'n skaduwee te midde van al die wetsvoorskrifte. In die Bergpredikasia sê Jesus: "*Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteljie van die wet ooit verby gaan totdat alles gebeur het nie*" (Matt. 5: 17-18). Die term "gebeur", verwys sonder twyfel na die Ou Testament profetiese deel.

Nadat die HERE opgestaan het, sê dit oor Hom in Lukas 24:27: "*En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het*". Dan in verse 44 en 45: "*En Hy sê vir hulle: Dit is die woorde wat ek met julle gesprek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word. Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan*".

Ons vind so dikwels in die Nuwe Testament die terme "*soos die Skrif sê ...*" of "*soos geskrywe is ...*", onder andere. Elke keer verwys dit na die Ou Testament. Toe Jesus gepreek het, was die Nuwe Testament nog nie geskryf nie. 'n Dienskneg van God sluit altyd die Ou Testament in met die verkondiging van die Evangelie. Van Paulus word berig: "*... en baie het na hom in sy verblyfplek gekom. En in 'n kragtige getuienis het hy vir hulle die **koninkryk van God** uitgelê; en van die môre vroeg tot die aand toe het hy uit die **wet van Moses** en uit die **profete** hulle probeer oortuig aangaande **Jesus***" (Hand. 28:23).

Slegs diegene wat die Koninkryk van God op die apostoliese manier verkondig sal Jesus en die bybelse leerstellinge verkondig soos dit die geval was in die vroeë christendom. Die apostel getuig in Handeling 26:22: "*... en spreek niks buite wat die profete en ook Moses gesê het dat sou gebeur nie*".

Nadat Petrus in Handeling 15 sy toespraak gelewer het, antwoord Jakobus en sê: "*Broeders, luister na my! Simeon het vertel hoe God in die begin uitgesien het om 'n volk uit die heidene vir sy Naam aan te neem. En hiermee stem die woorde van die **profete** ooreen, **soos geskrywe is ...***" (verse 13-15).

Maar die wettelose ondersteun sy eie teologie, geskei van die Ou Testament, en hy interpreteer die inhoud van die Nuwe Testament op sy eie manier.

Hierdie man het ook die benaming “*seun van die verderf*”. Hierdie term was op ‘n vorige keer teen een man gebruik, en dit was Judas. In Johannes 17:12 sê Jesus van hom: “...*en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van die verderf, sodat die Skrif vervul sou word*”. Net soos Judas, beroep die seun van die verderf, die verraaiër van die saak van Christus, hom ook op Christus.

In Johannes 13:2 lees ons: “... *die duiwel het dit al in die hart van Judas Iskariot, die seun van Simon, ingegee om Hom te verraai ...*”. Beide Judas en die antichris word in verbinding met die duiwel gebring. “*Jesus antwoord hulle: Het Ek nie julle twaalf uitverkies nie? En een van julle is ‘n duiwel!*” (Joh. 6:70). Paulus beskryf die antichris in die finale fase met hierdie woorde: “... *hy wie se koms is volgens die werking van die Satan ...*” (2Thess. 2:9).

Paulus voer verder aan dat die werke van Satan, gebeur deur sy leuenagtige wonderwerke en tekens. Hierdie uitinge herinner ons aan Openbaring 16: 13-14: “*En ek het uit die bek van die draak (Satan) en uit die bek van die dier (die politieke heerser) en uit die mond van die valse profeet (die antichris) drie onreine geeste soos paddas sien kom. Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God*”. Hierdie stryd vind plaas direk voor die vestiging van God se Koninkryk.

Die antichris kan slegs hierdie gereserveerde rol van hom opneem wanneer dit wat hom teëhou, weggeneem word. Daarmee word duidelik verwys na die Heilige Gees, wat die antichris in die Gemeente van die lewende God, deur die goddelike krag, weerstaan. Sodra die Bruid Gemeente weggevoer word, die Heerlikheid in, dan is die weg oop vir die antichris. Maar wanneer Jesus Christus terugkeer om Sy Duisendjarige Ryk te vestig, sal hy met die asem van Sy mond verdelg word (2Thess. 2:8). Dit is wat Jesaja reeds in hoofstuk 11, vers 4 geprofeteer het: “... *maar Hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond en met die asem van sy lippe die goddelose doodmaak*”.

Uiteindelik kom ons by die belangrikste merk van die antichris wat veral deur diegene wat gered wil word, in ag geneem moet word. Jesus se gunsteling dissipel vra in 1 Johannes 2:22: “*Wie is die leuenaar?*”. Hy antwoord dadelik hierdie vraag op ‘n konkrete manier: “... *hy wat ontken dat Jesus die Christus is. Dit is die antichris, wat die Vader en die Seun loën*”.

Enigeen wie ontken dat God as Vader in die Seun geopenbaar was (Joh. 14:7), het in die grootste leuen van die antichris verval. God is Gees (Joh. 4:24); Hy is ewig en nie beperk in tyd of in ruimte nie. Hy is ook nie beperk deur enigiets wat gemeet kan word nie, want Hy is eindeloos. Hy is die oorspronklike bron van alle dinge. Eerstens kom Hy uit Sy oneindige Gees-vorm in 'n tasbare geesliggaam, die teofanie, sodat mense hom kan verstaan en Hom lief kan hê op 'n manier wat verstaanbaar is. So het hy gewandel in die Tuin van Eden en het Hy bekend geword in die tydperk van die Ou Testament.

Maar God wou dat die mens weer gelyk na Sy beeld teruggebring moes word, dit wil sê, na die staat van onverganklikheid. Dit is waarom Hy eers soos hulle geword het. Om die ontwykende ewigheid en tasbaarheid van tyd te oorbrug, moes Hy homself openbaar in mense-gestalte. Hy het uit 'n geestelike liggaam in 'n liggaam van vlees gekom.

Dit is waarom Jesus niemand anders as God self kan wees nie. In Hom woon die volheid van die Godheid liggaamlik – nie net 'n derde van die Godheid nie, maar die volheid! (Kol. 2:9). Wat Hy gesê het in daardie tyd, is vandag nog geldig: *"Hy wat My gesien het, het die Vader gesien"* (Joh. 14:9). Hy is Emmanuel, dws, *"God met ons"* (Matt. 1:23).

Die antichris gees ontken hierdie feit en maak van hierdie een God meer afsonderlike persone wat in die ewigheid langs mekaar bestaan. Hierdie lering het die uiteindelijke gevolg dat van monoteïsme politeïsme gemaak word. Hierin bestaan die antichristelike invloed, wat direk teen Christus gerig is.

As 'n Christen, 'n Jood en 'n apostel, skryf Paulus van Christus: *"Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid! Amen"* (Rom. 9:5b). Die HERE het iets soortgelyks gesê in die Nuwe en in die Ou Testament: *"Hoor, Israel, die Here, onse God, is 'n enige Here"* (Mk. 12:29-32; Deut. 6:4). Omdat die mensdom verlore was, was 'n Verlosser nodig. In Jesaja 43: 10-12 sê die HERE: *"Voor My is geen God geformeer nie, en ná My sal daar geeneen wees nie. Ek, Ek is die Here, en daar is geen Heiland buiten My nie ... en julle is my getuies, spreek die HERE, en Ek is God"*.

Die hervestiging van God se kinders as seuns en dogters van God, was slegs moontlik omdat God gebore was as 'n kind en dat Hy gekom het op die aarde as 'n Seun. In die Ou Testament is geskrywe oor hierdie Seun: *"Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevoers"* (Jes. 9:5).

Alhoewel God as Vader geopenbaar is in die Seun, is dit in die Bybel altyd een God en nie twee of drie gode nie. In die Bybel vind ons nie een keer die term "Drie-enige God" of "Drie-voudige" of "Ewige Seun", of iets dergeliks nie. Die leer van die Drie-eenheid het nie sy oorsprong in die profete óf die apostels nie. Dit is die produk van die antichris gees wat die Godheid onderstebo gedraai het. Almal moes hul oë oopgemaak het deur wat Paulus geskryf het: *"En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlijkheid"* (1Tim. 3:16).

Die drie openbarings van God was nooit deur enige profeet of apostel langs mekaar geplaas as selfstandige persone nie. Dit is die 'Hellenisties-filosofiese denkrigting. Dit is nie 'n drie-enigheid nie, maar 'n openbaring van drie vorms. In die hemel is Hy Vader, soos ons bid: *"Onse Vader wat in die hemele is"*. Op aarde is Hy in die Seun bekend as ons Verlosser; daarom is geloof in die Seun van God noodsaaklik vir ons verlossing. Slegs wie die Seun het, het die Vader ook, en daarmee die ewige lewe (1Joh. 5:12). In die Gemeente van God werk dieselfde God tot aan die einde deur die Heilige Gees. Eers was God oor ons, toe was Hy met ons, en uiteindelik kom Hy in ons woon! Die apostel Johannes formuleer dit so: *"En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe"* (1Joh. 5:20)

Gedurende die vier duisend jaar van die Ou Testament, word daar nie een maal vertel van 'n gesprek tussen die Vader en die Seun nie. Nie een maal het God gedurende hierdie tydperk gesê: "My liewe Seun, Ek stuur jou!" – Inteendeel, Hy het altyd gesê hy sal self kom, soos bv in Jesaja 35: 4-6 en Jesaja 40:3. Wanneer in Psalm 2:7 geskrywe is: *"U is my Seun, vandag het Ek self U gegeneer"*, beteken dit nie dat die Seun van God in die hemel was en toe na die aarde gekom het nie.

Die Nuwe Testament vertel vir ons duidelik hoe die verwekking en die geboorte van Jesus gebeur het. God self was gemanifesteer in menslike vorm – Dit is die ondenkbare, onverklaarbare verborgenheid van Sy liefde! As die Seun, het Hy gely en gesterwe, terwyl Hy as God onsterflik is. Die verlossing is tot stand gebring in die liggaam van Sy vlees om ons te red van hierdie liggaam van die dood (Heb. 2: 14-15), en ons die waarborg van die opstandingsliggaam te gee (1Kor. 15: 50-57).

Jesus Christus is die Woord wat vlees geword het. Die Logos, die Jahweh wat die Gees-gevulde God in 'n geestelike liggaam is, was

gemanifesteer in 'n sigbare vleeslike vorm. Dit is die suiwer en volle waarheid. *"In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God ... en die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon"* (Joh. 1: 1,14). Jesus is nie net in wese gelyk aan die Vader nie, Hy is één met die Vader! Net soos God (Hebreers: Elohim) as HERE (Hebreers: Jahweh) geopenbaar was en nog dieselfde bly, so het die Vader die Seun geopenbaar, en bly nog steeds dieselfde.

Die apostel Johannes het ons nie in die duister gelaat oor die oorsprong van die antichris nie. Hy het duidelik gesê: *"Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie"* (1Joh. 2:19). Hierdie verwikkeling kom nie van Judaïsme, maar eerder uit 'n misverstand van die wat aangesluit het by die gelowiges in Christus, sonder dat hulle self 'n ontmoeting met Christus ervaar het. Reeds in die eerste eeue na Christus, het hierdie wending sy beslag gekry. Maar dit was eers na die Raad van Nicea dat dit as 'n organisasie gevestig was. Elke Jood ken die eerste gebod: *"Ek is die HERE jou God ... Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie"* (Ex. 20: 2-3); hulle sal nooit uit hul God nog afgode maak nie.

Natuurlik kom ons tyd op tyd die drie-voudige verskynsel teë. So lees ons byvoorbeeld: *"Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees; en daar is verskeidenheid van bedieninge, en tog is dit dieselfde Here; en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk"* (1Kor. 12: 4-6). Daartoe sê ons "Amen". Dit het nooit by die gedagtes van enige apostel gekom om as gevolg daarvan te sê: "God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees sal julle seën!". "God die Seun" en "God die Heilige Gees" word nie 'n enkele keer in die Bybel gevind nie. In die Skrif word die oorspronklike altyd duidelik gegee: "Seun van God" of "Gees van God". 'n 'Drie-enige' god was inderdaad 'n vreemde god.

Vir die oppervlakkige waarnemer het die leringe van Christus en dié van die antichris soms verwarrende ooreenkomste, maar hulle is nie dieselfde nie en is in beginsel heeltemal verskillend. Die Christus wat deur die antichris verkondig word, is beslis nie die Christus van die Bybel nie. Slegs hulle van wie God hul oë open, sal dit kan sien (Lukas 10:22).

Die antichris-gees was reeds in aanvang in die vroeë christendom. Johannes noem die verkondigers van sy leringe valse profete, en gee 'n waarskuwing in 1Johannes 4:1-3: *"Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld ingegaan. Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie,*

*is nie uit God nie; en dit is die gees van die antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld".*

Dit is nie net die antichris homself wat soos 'n valse profeet optree nie, maar daar is ook baie valse profete en valse christusse waarteen die HERE ons waarsku (Matt. 24). Alle predikers wat die valse leringe oor die Godheid en die doop ens, van die valse profete verkondig, is opponente van die Woord van God en is hulself valse profete en behoort geestelik aan die antichris kamp.

Die woord 'Christus' beteken eintlik 'Gesalfde Een' – valse christusse is dus vals-gesalfdes. Daar is selfs mense wat wondertekens doen en, ten spyte van hul salwing, ondersteuners van die valse tradisionele leringe van die antichris is. Dit is waarom daar geskrywe is dat op die ou einde die valsies so naby aan die waarheid sal wees dat selfs die uitverkorenes mislei sou word, sou dit moontlik wees. Maar hulle kan nie mislei word nie, omdat God se Woord deur God se Gees in hulle verseël word.

Jesus het verwys na diegene wat die gawes van die Gees openbaar en dan nog vals is toe Hy gesê het: *"Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here, sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!"* (Matt. 7: 21-23). Daar is geen nut in die opsê van geloofsbelydenisse nie; dit moet deur die Woord beproef word, want die HERE gaan oordeel of dit in ooreenstemming daarmee is.

Die Gees van God sal op elke punt, elke keer dieselfde sê. Dieselfde geld vir al die dienaars wat deur die HERE gebruik word. Daarby gaan dit nie oor die voordra van 'n belydenis met die lippe nie, maar soos Paulus dit stel in 1Korinthiërs 12:3: *"... en niemand kan sê dat Jesus die HERE is nie, behalwe deur die Heilige Gees".* As HERE is Hy God, en dit is waarom dit gaan. Dit is slegs wanneer ons in volle oortuiging van die geloof kan sê, "Jesus is die Here" dat ons 'n openbaring ontvang deur die Gees dat Jahweh (YHWH) en Jesus dieselfde HERE is. Wie dit nie glo nie, is in die antichris misleiding, maak nie saak aan watter godsdiensgeloofsgenootskap hy behoort nie.

Wie die Gees van Christus het, glo, as uitdaging tot self-beproeving, wat die opgestane HERE verklaar het: *"Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige"* (Openb. 1:8). Dit is die persoonlike getuienis van ons

Verlosser, die aangewese Almagtige. Of het iemand gedink dat daar meer as een Almagtige sou wees? God en elkeen van Sy openbarings staan elkeen in die enkelvoud. So is daar net een Skepper, een Onderhouer, een Verlosser, een Koning, ens. Net een Vader, net een Seun, net een Heilige Gees; net een HERE, net een geloof, net een doop, net een Redding, net een Gemeente, en so aan. Alles wat uit God is bestaan in die enkelvoud in al Sy omvattende veelvoudigheid.

Die 'Jesus alleen' lering word glad nie hier ondersteun nie. Jesus het glad nie van Homself getuig nie, nog minder het Hy met Sy gebede selfgesprekke gevoer nie. Soos dit maar gewoonlik is, lê ook hier die waarheid in die middel. Die hoofgedagte wat fundamenteel in hierdie aanbieding is, wat nou aan die einde kom, is dat die suiwer bybelse leringe herstel moet word, hier aan die einde. Dit is slegs wanneer hierdie ewig-geldige Evangelie van die Koninkryk verkondig word, as 'n getuienis aan al die nasies, dan sal die einde kom (Matt. 24:14).

Elke leraar van die Bybel en elke bybel-leser, moet 'n presiese vergelyking, diep en fundamenteel maak. Die Christus wat in die denominasies aangebied word, moet vergelyk word met Christus soos beskryf word in die Bybel. Dieselfde geld vir die oortyging wat gewortel is in die gedagte van alle gelowiges, dat dit wat van Christus bekend is, uit God uit moet wees.

As gevolg van die algemeen-aanvaarde sieninge, vind baie mense dit moeilik om die antichris te erken, soos dit eintlik in die Skrif uitgelê is. Omdat dit voorkom asof hy Christus verkondig in die hele wêreld voor die ganse massas van alle nasionaliteite, van alle gelowe, kan die meeste mense nie dink dat juis hierdie man die grootste teenstander van Christus is nie.

Neem byvoorbeeld die historiese pouslike besoek aan Indië, waar hy voor 'n reuse skare van Hindoes skreeu: "Christus is in alle godsdienstel!". In hierdie verband moet ons hierdie vraag vra: "Watter Christus?". Die een wat Maria nog as baba in haar arms het? Die een wat gemaak is van allerhande materiaal en ons aan 'n kruishangertjie om die nek of arm dra? Die een wat gedien word op enige manier? een wat gebak word uit stukkies deeg, en deur die krete van "Sanctus, Sanctus, Sanctus!", die Christus gemaak word? Die een wie terug moet staan vir en beïnvloed word deur Maria? Die een langs wie 'n leër van voorspraakmakers geplaas word om voorbidding te doen? Die Christus wie se Hemelvaart bleik te wees ná die Hemelvaart van Maria, wie, soos beweer word, met liggaam en siel opgevaar het? Die Christus wie verdring word deur die 'Koningin van die Hemel'?

Die Christus wat die pous en sy kerk aanbied, is nie die Christus van God nie; dit is 'n Christus wat gevorm en geposisioneer word soos benodig. So 'n Christus is tuis enige plek waar jy hom wil laat lê of hang; dit is altyd presies waar dit benodig word, op die geleë tyd. Tog is dit nie die Christus wat aan ons in die Bybel beskryf word nie, wat ons as HERE, as Verlosser, as Koning, as Regter en uiteindelik as God sal ontmoet nie. 'n Belydenis aan die verkeerde Christus beteken absoluut niks nie; die geeste moet getoets word, leringe moet vergelyk word. Die Christus van die Bybel is nie soos ons dink nie. Hy is verhewe bo enige voorstelling en is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid (Heb. 13.8).

Soos ons in al die Skrifte gesien het, beroep Christus Homself altyd op die Woord van God. Dit is hoekom ons weereens dit moet beklemtoon dat 'n mondelinge beroeping op en 'n belydenis van Christus eenvoudig nutteloos is, as dit nie is soos die Skrif sê en vereis nie. Elkeen moet 'n besluit maak vir hom/haarself oor wie hulle wil glo en wat hulle wil vertrou. Hier kan net raad gegee word oor wat werklik krities met die geestelike dinge ooreenstem en met God en Sy Woord.

Ons is nou hier net voor die einde van die tyd van genade. Alle bybelse waarhede moet nou weer, sonder kompromie, opnuut onder die soeklig geplaas word. Ten spyte van teenkating van die formele kerke, was daar 'n groot aantal herlewings-predikers, wat in verskillende kerk-eeue die verlore-gegaande bybel-waarhede, verkondig het. Baie van hulle het hul lewens verloor as gevolg van die Woord van God. Alle ware gelowiges word daartoe geroep om te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges van Christus oorgelewer is (Judas 3). Ons is nou in die finale geestelike stryd geplaas. Solank as wat ons onself op God se kant bevind, sal Hy met ons wees totdat ons geloof sigbaar word. Die poorte van die hel sal nie die Gemeente van God oorweldig nie (Matt. 16:18).

Uit my hart wens ek aan al die lesers die ryk seëninge van God toe.

\*\*\*\*\*

© deur die outeer en verspreider E. Frank